

TYDSKRIF VIR NEDERLANDS EN AFRIKAANS
11DE JAARGANG NR. 2 2004

Poësie as herskrywing van die geskiedenis. Pirow Bekker se historiografiese metagedig "Apollo Smintheus"

Ronel Foster

'n Prys om te betaal? Die belang van historiese taalnavorsing in 'n etnies verdeelde samelewning

H.P.Grebe

Een "Zwarte Legende" over het Nederlandse kolonialisme in de Travels (1801-1804) van John Barrow

Siegfried Huigen

Wonderbaarlike volke en monsterdiere in Der naturen bloeme van Jacob van Maerlant en die kognitiewe verankering van denkbeeldige kategorieë in die Middeleeuse lewens- en wêreldbeskouing

Piet Swanepoel

Travestie en gay identiteit in Volmink (1981) van Hennie Aucamp

Andries Visagie

Poësie as herskrywing van die geskiedenis. Pirow Bekker se historiografiese metagedig "Apollo Smintheus"

- Ronel Foster -

Abstract

Pirow Bekker's poem "Apollo Smintheus" from his volume Rasuur (1993) can be regarded as a re-writing of the history of Jonas de la Guerre's journey, the last of six expeditions undertaken between 1660 and 1664 to find the mysterious cities of Vigit Magna and Monomotapa. Two reading strategies are employed in a discussion of this example of what I would like to call historiographic meta-poetry, following Linda Hutcheon's (1988) concept of historiographic metafiction. In the first reading of the poem a structuralist approach is implemented, focussing on binary oppositions. In the second reading the technique of decentering is used within a poststructuralist approach. Bekker's poem does not deliver evidence of a self-assured subject, a coherent narrative, a truthful representation or ideological innocence. Instead it uses and abuses both history and myth and seeks to expose ? in a selfreflexive fashion ? the myth- or illusion-making tendencies of historiography.

1. Doelstellings en leesbenaderings

?n Paar jaar ná die aankoms van Jan van Riebeeck het die VOC opdrag gegee dat die binneland verken moes word ten einde handelsverdrae met die inheemse bevolking te sluit en die stad Monomotapa te vind. Oor die boekstawing van die sewentiende-eeuse landsreise, spesifiek wat betref die omsetting van gebeurtenis tot feit, het ek reeds ?n artikel geskryf, wat in die vorige uitgawe van Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans gepubliseer is.⁽¹⁾In hierdie opvolgartikel ⁽²⁾ gaan Pirow Bekker se gedig "Apollo Smintheus" uit sy bundel Rasuur (1993) bespreek word, ?n gedig wat handel oor die laaste van die ses reise wat tussen 1660 en 1664 plaasgevind het, naamlik dié van 11 Oktober 1663 tot 22 Januarie 1664. Die gedig is ?n herskrywing of ?n hervertelling (of selfs ontvertelling!) van die geskiedenis van die Fransman Jonas de la Guerre, leier van dié ekspedisie.

Apollo Smintheus

Aanvaar nou maar, "landsreisiger" De la Guerre,
jou sending stel meer as al die voriges teleur ?
húl kon nog die roete skoon hou, kon nog ekskusies maak
soos die warm weer dié tyd van die jaar...
Die laaste een het ?n man onder ?n olifant verloor;
Van Meerhoff kon kom opgee oor ?n vreemde dier ?
?n monster met drie koppe in ?n veelbelowende rivier ?
en jy? Wat het jy om opgewonde oor te raak?
Ons is deur ?n menstrop oorval, ons wa
is brandgesteek ? nouliks nuuswaardig in die Kaap.

Die kommandeur het immers nie die onmoontlike gevra:
handel welmenend, ruil wat die Sonkwas het ?
pêrels, edelgesteentes, vere, velle en ivoor,
selfs skilpaddoppe, muskus, amber en sivet
maar hou veral vir minerale jul oë en ore oop ?
skimpend eintlik op uitvra, oënskynlik sonder erg,
na dit wat daardie reis moes rig: Vigiti Magna;
vang dalk iets op oor hom wat elke skeepskapteintjie terg,
elkeen wat ?n land soek waar jy soos van ?n pan
die sonsweet raap in suiwer goud: Monomotapa!

Vaarders het gepraat van duister seë 'n swarter kus,
daaragter koel spelonke, ?n land van Ofir-vloed,
?n kontinent wat glim soos ebbehout, hul had lus
om self land-in te steek en voor hul tyd verstryk
?n bietjie aan die binneblaar te pruim, ?n berg te soek
en net te kyk; iewers ook nog lê priester Jan se Ryk.

Ná drie maande staan jy voor ?n dowwe hang,
kyk hoe ?n dor wind die vlamme uit die vellebale
na die naaf toe dra, die buikbalke laat knak.
Jy sien hoe jy gewoon as marskramer, en bang,
na die Fort toe terugkruip oor dié plat hel
met die treurmare van ?n kind: jou kruit is afgevat,
en die wêreld lyk te eenders om jou verder bloot te stel.
Jy voel hoe sak ?n oorverhitte droom, hoe sterf
?n ryk; begin tog naderhand weer om klippe op te tel ?
?n spatsel van gesmelterots, stollings bloed en steen ?
vir die Kaapse kaggel ?n kuriositeit. Getuienis, ja:
as ou Van Meerhoff monsters in ?n systroom teel,
kan jy seer seker wys hoe Apollo uit sy triomfwa
met pyl en boog op uitlopers van die gesogte Berg
die veldmuisse op hul bliksem speel.

Twee leesstrategieë word by die bespreking van die gedig toegepas: ?n strukturalistiese benadering, waarby binêre opponering toegepas word, en ?n poststrukturalistiese

benadering, waarby desentrering geïmplementeer word. Die doel is nie om aan te toon dat die een benadering belangriker is as die ander of groter interpretasiewinste oplewer nie, maar om aan te toon dat daar tot verskillende lesings van een en dieselfde gedig gekom word, afhangend van die leesprosedures wat die navorsers volg en die vrae wat hy of sy oor ?n teks stel. In sekere sin sou die twee leesbenaderings as suplemente van mekaar gesien kon word.

Ten grondslag aan die artikel lê Hutcheon (1988) se teorie oor historiografiese metafiksie ?n term wat ek wysig tot historiografiese metapoësie. Historiografiese metafiksie is vir Hutcheon (1988: 5) ?n generiese onderskeiding wat betrekking het op romans wat sterk selfrefleksief van aard is, maar wat ook op paradoksale wyse historiese gegewens en personasies betrek ? dit wil sê werke wat na binne gekeer is, maar hulself terselfdertyd oopstel na buite, en in die proses blyke gee van ?n besinning oor sowel die literêre as die historiografiese skryfhandeling. Waar Hutcheon die term historiografiese metafiksie gebruik as sinoniem vir postmodernistiese fiksie, reserveer ek die term vir postmodernistiese tekste wat duidelike historiese en historiografiese elemente bevat.

Van belang vir hierdie artikel is verder dat Hutcheon (1988: 122) afsien van die vertekstualiseerde werklikheidsopvatting van die poststrukturalisme en tussen event en fact onderskei. In die historiografiese metapoësie, so wil dit voorkom, word nie daarna gestreve om die waarheid te vertel nie. Daar word eerder gevra wie se waarheid of geskiedenis vertel word. In "Apollo Smintheus" word implisiet vrae gestel oor die historiografiese bevoorregting van Pieter van Meerhoff en die marginalisering van Jonas de la Guerre. Die teks demonstreer dat feite nie vanself tot stand kom nie, maar gekonstrueer word deur die soort vrae wat oor die gebeurtenisse gestel word en die wyse waarop die verlede bevraagteken word (vergelyk White, 1982: 43). Die historiografiese ideaal van waarheidsgetroouheid, objektiwiteit en suiwerheid word in die gedig deur (opsetlike?) "feite-foute" aan die kaak gestel as ?n "mite" en ?n onhaalbare projek. En hier gebruik ek "mite" in die sin wat Barthes (1974: 129 e.v. en 1984: 165 e.v.) dit gebruik ? as misleiding; as ?n sisteem van tweede orde betekenis.[\(3\)](#)

Sonder die benutting van bronre is Bekker se rekonstruering van die geskiedenis op die oog af nie besonder problematies nie. Anders as in die geval van sy voorgangers (veral Pieter van Meerhoff), was Jonas de la Guerre se sending ?n teleurstelling. Geen handelsbetrekkinge is gesmee en geen inligting rakende Vigit Magna of Monomotapa kon bekom word nie. Die toggangers is blybaar deur ?n inheemse groep aangeval, hul wa is aan die brand gesteek, die wêreld was droog en onherbergsaam, hulle het swaargekry en moes onverrigter sake na die Fort in die Kaap terugkeer. Die gedig bied ?n hervertelling van die narratief of "verhaal" van die verloorder, die gemarginaliseerde, perifrale figuur Jonas de la Guerre. Terselfdertyd wil dit voorkom asof "Apollo Smintheus" aandadig is aan die voortsetting van die ophemeling van die suksesvolle figuur Pieter van Meerhoff.

Die geskiedkundige (feitelike) gegewens oor die reis word op twee wyses geproblematiseer: deurdat daar in die eerste strofe verwys word na die veelkoppige monster wat volgens die joernaal glo deur Pieter van Meerhoff gesien is; en deurdat daar in die slot aangesluit word by die mite van die songod Apollo wat uit sy triomfwa met pyl en boog na die veldmuise skiet. Die aanbied van ?n skynbaar ongeloofwaardige incident en die transponering van gegewens uit die Griekse mitologie na die Suid-Afrikaanse situasie beïnvloed die historiese representasie in die teks deurdat die feitelike (die historiese

gegewens uit die reisjoernaal) met die fiktiewe (die mite) vermeng raak.

Intertekstueel sluit "Apollo Smintheus" eksplisiet aan by twee korpusse tekste: enersyds die reisjoernale wat in die argief in Kaapstad bewaar word, die geredigeerde weergawes van die joernale en ander verwante historiografiese bronne, en andersyds die Griekse mites en Homerus se heldedig Die Ilias (en natuurlik alle tekste wat oor hierdie twee tekskorpusse handel). Hierdie intertekste word op ?n parodiërende wyse gehanteer deurdat hulle tegelykertyd benut én bevraagteken word. Die netjiese generiese onderskeid van die Antieke tussen logos en mythos word nie in Bekker se gedig gehandhaaf nie, aangesien die grens tussen hulle telkens uitgedaag en oorskry word. Die joernale is nie objektiewe en ongekontamineerde tekste nie, maar as dagboekverslae is hulle subjektief getint. Hierteenoor is die tradisionele heldedig, wat veronderstel is om ?n digterlike fabrikasie te wees, nie noodwendig suiwer verbeeldingswerk nie, maar kan dit ook waarheidselemente of ?n werklikheidsbasis besit. Dat die verlede volgens Hutcheon (1988: 128) slegs deur die getekstualiseerde oorblyfsels daarvan geken kan word, impliseer dat dit nie ongemedieerd benaderbaar is nie.

"Apollo Smintheus" laat blyk dat die historiografiese metapoësie op ?n paradoksale wyse met die geskiedenis en die mite omgaan deur dit terselfdertyd te gebruik en te misbruik ten einde sosio-politieke kommentaar te lewer. Hoewel die historiografie ten slotte aan die kaak gestel word as ?n bedryf wat nie vlekkeloos objektief en neutraal is nie en hoewel die mite ontmasker word as ?n waanvoorstelling wat slegs skynvertroosting aan die verloorder bied, kan die dubbelgekodeerde aard van die historiografiese metapoësie nie ontken word nie: dit benut sowel geskiedenis as mite en bekritiseer dit terselfdertyd (Hutcheon, 1988: 33 e.v.). Dit gaan nie hier om ?n soeke na ?n transendentale en tydlose betekenis nie, maar eerder om ?n herevaluering van en ?n dialoog met die verlede in die lig van die hede (vergelyk Hutcheon, 1988: 19).

2. Binêre opponering

Binêre opponering speel ?n belangrike rol in die bundel Rasuur ? soos wat ek dit elders stel (Foster, 1993: 1): "Heling en skending, groei en verval, skepping en destruksie, verestetisering en verwoesting is stelle opposisies waarvan die lede mekaar impliseer."

Die gegewe van die monster met die drie koppe in Van Meerhoff se joernaal en in Bekker se gedig (reël 7 van strofe 1) mag vir sommige lesers voorkom as verdigsel, verbeelding of fiksie, in opposisie met die oorwegend feitelike inslag van die joernaal en ander historiese dokumente. Ook die mite van Apollo waartoe De la Guerre veronderstel is om sy toevlug te neem, kan beskou word as strydig met die feitelikhed en waarheidsaansprake wat gewoonlik met die historiografie geassosieer word. Hierdie en ander gevalle van binêre opponering vermenigvuldig (op verskillende konseptuele vlakke) tot buite die grense van die gedig heen:[\(4\)](#) die spreker versus die geïmpliseerde toegesprokene;[\(5\)](#) Van Meerhoff versus De la Guerre; "al die voriges" versus "jou sending"; Vigiti Magna, Monomotapa en Ofir versus "dié plat hel"; "priester Jan se Ryk" versus "?n ryk"; "pêrels, edelgesteentes" en "suiwer goud" versus "klippe"; "?n monster" of "monsters" versus "die veldmuise"; "Apollo [...] met pyl en boog" versus die Sonkwas wat met hul pyle en boë Cruythoff se groep aangeval het; "sy triomfwa" versus "ons wa"; en laastens (in ?n steeds uitdyende

opposisiestelling ? sien hierna) "die gesogte Berg"versus "?n berg te soek" versus "?n dowwe hang" versus die berg wat die reisigers werklik bereik het. Die tegniek van teenoormekaarstelling lei tot spanning in die gedig wat verhoog word deur vele voorbeeld van assonansie en eindrym (maak ? raak ? jaar ? wa ? Kaap). Hierdie verstegniese middele het ?n hegte versstruktur en koherensie tot gevolg, maar deurdat daar nie ?n vaste rymskema is nie, word die ritmiese gang van die vertelling tog behou.

Binne die strukturalistiese raamwerk was binêre opposisiestelling ?n belangrike literêre strategie om koherensie te bewerkstellig, dit wil sê om binding, samehang en eenheid te verkry (Culler, 1980: 174). By die interpretasie van ?n gedig soek lesers huis na terme wat hulle op ?n semantiese of tematiese as teenoor mekaar kan plaas, meen Culler (1980: 126 -127). Die stelle binêre opposisies wat lesers waarneem en dan gebruik om ?n teks mee te interpreteer, was vir heelwat strukturaliste die primêre signifiërende proses in ?n teks.

Meer nog: binêre opposisies is beskou as ?n fundamentele werking van die menslike gees wat grondliggend aan die skepping van betekenis is (Culler, 1980: 15). Bressler (1994: 66) verduidelik dat elke binêre opposisie voorgestel kan word as ?n breuk: die boonste helfte (die numerator) is daardie deel wat hoër geag word as die verwante onderste helfte (die denominator of noemer). Die numerator voer dus by wyse van spreke die bosoen. Ten opsigte van die binêre opposisie lig versus donkerte het Westerse lesers oor die jare heen geleer om lig bo donkerte te waardeer, soos in die geval van die stereotiepe beeld van die lig van die beskawing en die godsdiens wat na die donker, heidense Afrika gebring moes word (vergelyk Conradie, 1934: 15). Hoe die leser die onderskeie binêre opposisies organiseer wat in die teks aan die werk is, maar wat reeds binne sy of haar eie gees bestaan, sal vir daardie spesifieke leser die interpretasie van die teks bepaal. Die strukturalis aanvaar dus dat die stelle binêre opposisies die ware betekenis van die teks bepaal en beheer.

Deur kennis te neem van hierdie binêre opposisies, en spesifiek van die hiérargiese verhoudinge tussen die lede daarvan en tussen stelle opposisies onderling, kan tot die betekenis gekom word (Culler, 1980: 94 en Harland, 1987: 87). Samevattend kan gesê word dat wanneer twee sake in opposisie gestel word, dan word die leser gedwing om kwalitatiewe ooreenkomste en verskille tussen hulle te ondersoek ten einde ?n verbintenis te bewerkstelling en sodoende betekenis uit hul skeiding te verkry (Culler, 1980: 15).

Word ?n strukturalistiese benadering gevolg by die lees van Pirow Bekker se gedig "Apollo Smintheus", kan die nagaan van prominente opposisiestelle die leser tot ?n bepaalde interpretasie lei. Ter illustrasie hiervan word in die res van hierdie afdeling ondersoek ingestel na die opponering van die twee sentrale karakters: die "swakkeling" Jonas de la Guerre word gekontrasteer met die "suksesvolle"Pieter van Meerhoff, na wie twee maal pertinent verwys word. Die verteller stel hierdie twee landsreisigers teen mekaar op en speel hulle teen mekaar af. Dit is asof die verteller vir De la Guerre beheer: sy teleurstelling, gekwestheid en moontlike afguns word uitgebuit en hy word gemanipuleer om deur daadwerklike optrede en ?n geloof in die mite aan sy eie beperkinge te ontkom. Die feitelike reisverslag van die amptelike historiograaf word in die gedig tersyde gestel ter wille van ?n gefiksionaliseerde representasie van die historiese werklikheid en ?n spekulasié oor die sielkundige aspekte van die verwerking van ?n teleurstelling ? aspekte wat huis verwaarloos word in die tradisionele geskiedskrywing. Hierdeur verkry die gedig ?n new journalism-inslag en word die leser bewus gemaak van die oorskryding van genres en die totstandkom van hibridiese of sinkretistiese vorme.

Die opponering van die karakters in die gedig kan die leser laat vermoed dat hulle hier in ?n soort kompetisie teenoor mekaar opgestel word; De la Guerre steek veral aan die teksbegin sleg af by sy opponent. Dat Van Meerhoff in hierdie opposisiestelling duidelik die oorhand het, word nie net deur die gedig bevestig nie, maar ook deur die geskiedenis.

Oor dié Deen van Kopenhagen word besonder gunstig geoordeel en geskryf. Reeds ná die eerste reis word hy beloon met vaste aanstelling as onderchirurgijn (?n medikus sonder ?n erkende kwalifikasie) (Godée Molsbergen, 1916: 45). Hy tree ook by sekere geleenthede as joernaalskrywer op (onder meer tydens die "suksesvolle" tweede reis) en word as leier van die derde groep aangewys met die opdrag om die betrekkinge met die Namakwas te bevorder, omdat hy "seer wel met dit volck weet om te gaen" (volgens die resolusie, soos aangehaal deur Godée Molsbergen, 1916: 62). Tydens die vyfde reis, dié onder leiding van Cruythoff, is dit Van Meerhoff "wat die eintlike leiding gee" (De Kock en Krüger 1986: 812). Soos uit sy eie en ander joernale blyk, is hy energiek, veelsydig, avontuurlustig, waaghalsig en onverskrokke. Oor sy huwelik met Van Riebeeck se tolk Krotoa (Eva), die eerste sogenaamde gemengde huwelik in Suid-Afrika wat na Christelike gebruik ingeseen is, word ruim geskryf, ook in gefiksionaliseerde vorm; [\(6\)](#) sy latere lewensgeskiedenis en sterfte is uitgebreid geboekstaaf. [\(7\)](#)

Oor Jonas de la Guerre, ?n Fransman wat in 1653 as adelbors uit Normandië na die Kaap gekom het, is egter ná die sesde ontdekkingsreis nijs bekend nie. Die Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek (De Kock en Krüger, 1986: 125) gee sy sterfdatum bloot aan as "na Januarie 1664". Sy naam kom ná sy "mislukte" sending (11 Oktober 1663 tot 22 Januarie 1664) nie meer in die Kaapse dokumente voor nie; hy het in die vergeetboek geraak. [\(8\)](#)

Hoewel Pirow Bekker se gedig De la Guerre aan die vergetelheid ontruk, wil dit aanvanklik lyk asof die anonieme spreker nie simpatiek teenoor hom ingestel is nie; ook word hy nie ?n spreekbeurt gegun nie. Hiermee word die historiese evaluering van en oordeel oor De la Guerre bevestig. Van hierdie adelbors is immers verwag om te voldoen aan die voorskrifte van die gesaghebbers aan die Kaap en van die Here Sewentien om ?n roete te baan tot by Vigit Magna en om moontlike handelsooreenkomste met die "volkeren daer omtrent woonachtich" te ondersoek wat tot "eenige voordeel" kon lei (Godée Molsbergen, 1916: 114). De la Guerre se tog was "voortreffelik voorbereid" (Godée Molsbergen, 1916: 116) en hy kon baat vind by die voorligting van Van Meerhoff en Dorhagen wat albei die vyf vorige togte meegebaar het; die bewindhebbers het besondere verwagtinge gekoester omtrent sy landsreis. Word die gedig teen hierdie agtergrond gelees, sou daar binne ?n modernistiese leeskader beweer kon word dat De la Guerre die figuur was op wie die koloniste al hul ideale geprojekteer het; hy was ?n potensiële heldefiguur wat moes voldoen aan bepaalde verwagtinge, maar hy het gefaal. Meer nog: binne so ?n raamwerk sou by uitbreiding beweer kon word dat De la Guerre die simbool geword het van al die verskillende "[v]aarders" (strofe 3) wat deur die eeu heen uitreik na die onmoontlike, gesimboliseer deur donker Afrika wat die glans van goud en ander skatte verhul.

Ook is die berg ?n belangrike simbool in hierdie verband: die vele vaarders van vervloë tye het lus gehad om "?n berg te soek / en net te kyk" (strofe 3), maar ná drie maande staan De la Guerre "voor ?n dowwe hang" (strofe 4) ? ?n aanduiding wat sowel letterlik as figuurlik kan funksioneer. Soos wat ek in my vorige artikel betoog, moet daar onderskei

word tussen twee berge met die naam Van Meerhoffskasteel, naamlik dié by Citrusdal, wat tydens die tweede reis deur Pieter van Meerhoff na homself vernoem is, en dié by Nuwerus, wat hy self tydens die sesde reis ?n "marmerberg" genoem het, maar wat later na hom vernoem is. Die digtheid van die gedig dra daar toe by dat albei hierdie berge betrek kan word: die eerste een waar die reisigers (soos hul voorgangers) hul wa in ?n kloof begrawe het, en die tweede waar die berg met marmer en albaster "ontdek" is.

Volgens die joernaal het die reisigers van De la Guerre se tog die "beslagen hechte boerewagen" (Godée Molsbergen, 1916: 114) in ?n kloof van die Olifantsrivier uitmekaar gehaal en aan die voet van die berg begrawe sodat die gebied makliker te voet verken kon word. Twee dae noord van die Olifantsrivier het hulle by die sogenaamde marmerberg by Nuwerus aangekom. Met hul terugkeer moes die landsreisigers egter ontdek dat die Hottentotte die wa verbrand, die proviand gesteel en die kruitkokers almal leeggestort het (Godée Molsbergen, 1916: 119). Die wa het dus nie meer gebrand toe hulle daar aangekom het nie. Hierdie anomalie of "feitefout" in die weergawe van die gedig kan nie bloot afgemaak word as ?n voorbeeld van vergissing nie. Dit sou beskou kon word as deel van die dramatiseringstegniek van die digter of die spreker in die gedig, ter wille van ?n onmiddellikhedseffek. Ook sou geredeneer kon word dat De la Guerre die verbranding van die wa in sy geestesoog waarneem.

Die verwysing na die "dowwe hang" kan natuurlik ook simbolies opgeneem word. Tradisioneel is die berg simbool van meditasie, geestelike verheffing en gemeenskap met die saliges (Cirlot, 1982: 221). Die magiese "berg" van strofe 3 waarna ironies genoeg net gekyk word en die ongespesifiseerde berg met sy "dowwe hang" van strofe 4 vorm deel van die beeldkompleks van die nastrewenswaardige ideaal: hulle is "uitlopers van die gesogte Berg" (uitlopers is laer gedeeltes van ?n berg, wat van ?n hoëre af uitgaan ? HAT, Odendaal et al., 1985). Die verandering na die bepaalde lidwoord en die gebruik van die hoofletter dui waarskynlik die sublieme of metafisiese aspek daarvan aan. Ook funksioneer die adjektief "gesogte" semanties op meerduidige wyse: dit beteken nie net gesoekte nie, maar dra ook konnotasies soos gewilde, onnatuurlike, gekunstelde, opsetlik uitgedinkte en versonne (HAT en WAT ? onderskeidelik Odendaal et al., 1985 en Schoonees, 1970).

Die "gesogte Berg" kan ook verband hou met Olimpus, die woonplek van die Griekse gode, waarvan die simboolwaardes intelligensie, suiwerheid, kreatiwiteit en kunssinnigheid is (Cirlot, 1982: 220). Die implikasie is dat De la Guerre selfs nie eers oor genoeg geestelike krag en ondernemingsgees beskik om die voorheuwels van die hoë geïdealiseerde berg te verower nie. Die verwagtinge wat daar ten opsigte van sy tog bestaan het, het op niks uitgeloop nie. Hierdie berg baar ?n muis, soos die spreekwoord te kenne gee.

Hy wat ?n apolliniese held moes wees, kan met niks spog nie; hy voel "hoe sak ?n oorverhitte droom, hoe / sterf ?n ryk". Omdat hy nie die verlangde edelgesteentes, minerale en goud kon vind nie, is sy enigste opsie en behoud om klippe as "[g]letuenis" op te tel ? "?n spatsel van gesmelterots, stollings bloed en steen ? / vir die Kaapse kaggel ?n kuriositeit" of gespreksonderwerp, ?n bewys van die gesloten en klipharde aard van Afrika; kortom: van die ruwe werklikheid, die feitelikheid van Afrika. Al wat dus vir hom oorbly (en by implikasie vir die digter), is om pynlik en met oortuiging te vertel van hierdie "plat hel", hierdie "eenders(e)" wêreld wat geskroei word deur die pyle van die god Apollo (simbolies van die noodlot of die strale van die son of die pyle van die Sonkwas).

Die Oranjerivier kan miskien nog bereik word, maar omdat die droomrivier Vigiti Magna onbereikbaar bly, is die enigste manier om die teleurstelling te bowe te kom, om te getuig van die "ewige boodskap" van die mite. Deur die fiktiewe kan die teleurstelling te bowe gekom word. Om hierdie skrikwekkende werklikheid om jou te tem en te transformeer, is die legende en die mite nodig, suggereer die slot. Fiksie en feit kom teenoor mekaar te staan; fiksie kan feit verlos van sy feitelikheid.

Die verbandlegging met Apollo en Olimpus in hierdie strukturalistiese interpretasie sou beteken dat die opgaan in die mite ?n oplossing bied vir die onverstaanbaarhede en kompleksiteite van die werklikheid. Dit word versterk deurdat die verteller De la Guerre in die vierde strofe ondersteun ná die aanvanklike "aanklag" en "beskuldiging". Hy keur instemmend die versamelaar se handeling goed ("Getuienis, ja."), verwys ietwat afwysend na sy konkurrent, Van Meerhoff ("ou Van Meerhoff") en praat hom moed in deur te sinspeel op sy vermoëns ("kan jy seer seker wys"). Die implikasie van hierdie verbandlegging (wat veral deur binêre opposisies bewerkstellig word) is dat die gode ingryp en afreken met die pestelike indringers (die koloniste kan as ?n plaag "veldmuise" beskou word). Dit is dus in elk geval nie moontlik om die "gesogte Berg" te bereik nie. Die mites van monsters en gode bevestig die bestaan van ?n andersoortige werklikheid wat nie vir die mens beskore is nie. Daar is dus ?n goddelike of metafisiese rede vir De la Guerre se "mislukking" en hierdie insig bied vertroosting vir die teleurstelling en ?n ontsnappingsroete uit ?n haglike situasie. Mite, verdigsel en droom het ?n helende potensiaal en kan die vreemde en ongenaakbare werklikheid besweer. Sodoende kan die uitverkore enkeling die aardse problematiek transender. Binne ?n modernistiese leeskader sou selfs beweer kon word dat De la Guerre as "uitverkorene" ten spyte van sy ontnugtering en die totnietgaan van die droomryk ("hoe sterf / ?n ryk" ? laaste strofe, reëls 8-9) verlei word om aan te hou droom aangesien die begeerte na een of ander simboliese Vigiti Magna rigtinggewend is op die lewensreis ("dit wat daardie reis moes rig" in reël 7 van die tweede strofe sou dan beskou kon word as van simboliese waarde vir ander reise).

Net soos Van Meerhoff voorheen kon berig oor ?n "monster met drie koppe in ?n veelbelowende rivier", net soos wat hy "monsters in ?n systoom [kon] teel" (kon laat toeneem, vermeerder, vermenigvuldig), net so kan De la Guerre die Suider-Afrikaanse werklikheid ontvlug deur sy toevlug te neem tot die wêreld van die Griekse mite en dus die wêreld van fiksie. Die gedigtitel beklemtoon immers die metafisiese ideaal waarna gestreef word: Apollo, seun van Zeus en boodskapper van die gode; Apollo, glansryke songod (dikwels geïdentifiseer met Helios) en beskermheer van die boogskietkuns; Apollo, god van die helende kuns en die skone kunste, in die besonder die musiek, die poësie en die profesie; en Apollo, god van die jeug en veral van lig (Cirlot, 1982: 14 en 31 en Paglia, 1991: 72 e.v.).

Afhangend dus van die binêre opposisies wat in die gees van die leser bestaan, en spesifiek die hiërargiese verhouding tussen die elemente, kan tot ?n bepaalde interpretasie gekom word. In hierdie geval: dat die mite en die droom kan triomfeer oor die teleurstelling; dat fiksie (die mite of mythos ? en by uitbreiding die gedig) kan seëvier oor feit (die joernaal of logos). Die basiese of primêre opposisie van triomf/teleurstelling ("op hul bliksem speel" versus "stel meer as al die voriges teleur") lei daar toe dat die leser verskillende kodes kan verken, soos dié van die historiese (waarheid/verdigsel), die psigologiese (ontstyging/ondergang) en die kreatiewe

(skeppingskrag/verbeeldingloosheid). Sodanige kodes kan in enige diskouers vermenigvuldig word sodat ander, of selfs minder voor die hand liggende aspekte betrek kan word (Culler, 1980: 52), soos in die geval van "Apollo Smintheus" die metapoëtiese kode (Bekker/De la Guerre). Om die teenwoordigheid van enigeen van hierdie items te verduidelik, bewys dat dit deel is van 'n binêre opponering waarvan die funksie is om 'n onderliggende tematiese kontras uit te druk; binêre begrensinge beheer dus laasgenoemde kontraste en sodoende die proses van tematiese konstruksie (Culler, 1980: 43, 94 en 126). Elemente van 'n teks verkry gevvolglik betekenis op grond van die opposisies waarin verskillende ervaringsareas georganiseer is en wat, sodra hulle herken word deur 'n leser wat die relevante kodes geassimileer het, gekorreleer kan word met ander, meer abstrakte opposisies. Die proses van binêre strukturering en tematiese kontrastering binne 'n strukturalistiese raamwerk hoef nie slegs tot 'n enkele interpretasie te lei nie, aangesien kodes vermenigvuldig kan word, soos wat Culler (1980: 52) tereg te kenne gee. Elders skryf hy (Culler, 1980: 127):

The claim is not that competent readers would agree on an interpretation but only that certain expectations about poetry and ways of reading guide the interpretive process and impose severe limitations on the set of acceptable or plausible readings.

Hierdie strukturalistiese standpunt word in die poststrukturalisme en in die postmodernisme aan bevraagtekening onderwerp.

3. Desentrering

Die bestaan en werking van binêre opposisies in die Westerse denkwyse word nie net deur die strukturalisme erken nie, maar ook deur die poststrukturalisme. Die verskil is egter dat laasgenoemde nie slegs pioneer nie, maar ook problematiseer. Waar die beginsel van binêre opponering as strukturalistiese leesstrategie aangewend word ten einde byvoorbeeld tot 'n koherente interpretasie van 'n spesifieke gedig te kom, word dit deur poststrukturaliste benut met die doel om die aandag te vestig op die onstabilitéit van die hiérargiese verhoudinge, op die onbepaaldheid van betekenis en op die rigiede voorveronderstellinge wat die Westerse metafisika ten grondslag lê.

In sy baanbrekende essay "Structure, Sign and Play in the Discourse of the Human Sciences" beweer Jacques Derrida dat die hele geskiedenis van die Westerse metafisika vanaf Plato tot die huidige gegronde is op 'n klassieke, fundamentele fout: die verlange en soeke na 'n transendentale betekende, dit wil sê 'n eksterne verwysingspunt waarop 'n bepaalde konsep of filosofie gebaseer kan word. In Derrida (1988: 110) se woorde is dit "the central signified, the original or transcendental signified". Dié soeke na absolute waarheid noem Derrida logosentrisme: "the belief that there is an ultimate reality or center of truth that can serve as the basis for all our thoughts and actions" (Bressler, 1994: 76 en 173).

Die Westerse metafisika is gebaseer op 'n sisteem van binêre of konseptuele opposisies wat bestaan uit terme waarvan die een die ander opponeer (gode/mense; waarheid/verdigsel; feit/fiksie; inhoud/vorm; joernaal/nite; betekende/betekenaar). In elk

van hierdie gevalle van twee opponerende terme is een konsep belangriker as die ander; dit definieer sigself deur die opposisiestelling met die mindere term. Gode beklee 'n hoë posisie as gewone sterlike mense; die konsep waarheid kan begryp word omdat daar 'n konsep verdigsel is; feit kan verstaan word omdat daar fiksie is. Volgens hierdie logika is taal ook ondergeskik aan betekenis (Jefferson, 1989: 113).

Teen die skep van sodanige hiérargieë het Derrida beswaar omdat die verhouding van die lede altyd onstabiel en problematies is. Dit is nie Derrida se doel om al die Westerse binêre opposisiestelle bloot om te keer nie, maar eerder om ons bewus te maak van die breekbare basis van die totstandkom van sulke hiérargieë en die moontlikheid van die ontseteling van hierdie hiérargieë om nuwe insigte te verkry in die taal en in die lewe. Derrida (1988: 119) gebruik die term supplement (in die sin van sowel aanvulling as plaasvervanging) om te verwys na die onstabiele verhouding tussen die elemente in 'n binêre opposisie:

One cannot determine the center and exhaust totalization because the sign which replaces the center, which supplements it, taking the center's place in its absence ? this sign is added, occurs as a surplus, as a supplement.

In die waarheid/verdigsel-hiérargie beklee eersgenoemde die bevoorregte posisie en vervul verdigsel "bloot" 'n supplementêre rol. So 'n logosentriese manier van dink handhaaf die suiwerheid van die konsep waarheid bo die konsep verdigsel. Wanneer egter grondig ondersoek ingestel word, is daar ten minste een of ander stukkie waarheid in enige brok verdigsel. En wie kan sê, vra Derrida (vergelyk Bressler, 1994: 78), wanneer die waarheid nou eintlik gekonsipieer, uitgespreek of bereik is? Die suiwerheid van waarheid mag waarskynlik glad nie bestaan nie. In alle menslike aktiwiteite is daar dus supplementariteit aan die werk.

Op die oppervlak lyk "Apollo Smintheus" na 'n histories akkurate gedig met 'n sterk kohesie en struktuur en 'n line? verhaallyn, en met as een van die temas die vermoë van die gekwelde enkeling om uit te styg bo sy omstandighede en hom te wend tot die helende en beswerende potensiaal van die mite. In Derridiaanse terme sou beweer kon word dat Pirow Bekker die hiérargieë van waarheid/verdigsel en feit/fiksie omkeer en aan die mite van Apollo (die mythos) voorrang verleen bo die feitelike van die argivale dokumente (die logos).

Wanneer omkering van die rangorde of verplasing van die oorheersende item in die opposisiestel of desentrering van die sentrum toegepas word, kan aftakeling van die binêre opposisies plaasvind en kan die leser bewus word van die onstabiele basis van die verhouding tussen die elemente. Nou kan difference intree (Derrida, 1988: 122).

Difference is die neologisme wat Derrida munt vir die konsep wat hy in opposisie met die konsep logosentrisme wil plaas; dit sinspeel op beide die werkwoorde to differ (verskil) en to defer (vertraag). Vir Derrida is difference die krag agter of in taal; dit produseer die effek van die verskille waaruit taal bestaan. Die logosentriese voorstelling van taal as 'n struktuur met 'n sentrum wat daarbuite bestaan (dit wil sê 'n oorsprong of teenwoordigheid), word dus omvergewerp deur die Derridiaanse konsep van difference; die strukturalistiese teorie kan nou met die poststrukturalistiese teorie vervang word. Aangesien difference geheel niehiérargies is, word daar weggedoen met die onderskeid tussen betekende en betekenaar. Die konsep van 'n geslotte struktuur van tekens word vervang met die konsep van 'n ketting van betekening waarin die een betekenaar binne

tyd en ruimte oneindig verskil van en tog uitwys na ?n ander een (Jefferson, 1989: 115).

Betekening is vir Derrida (1988: 118) nimmereindige aktiwiteit en spel. Vir hierdie proses gebruik Bressler (1994: 81) die metafoor van ossillasie:

Such oscillating between interpretations, levels, or meanings allows us to see the impossibility of ever choosing a correct interpretation, for meaning is an ongoing activity that is always in progress, always based upon difference. By asking what will happen if we reverse the hierarchies that frame our preconceived ways of thinking, we open ourselves to a never-ending process of interpretation that decrees that no hierarchy or binary operation is right and no other is wrong.

Afhangend van die leesraam en leesstrategie kan dus tot verskillende lesings van die representasie van die geskiedenis in "Apollo Smintheus" gekom word. Die voorstel dat De la Guerre hom tot die mite van die "gesogte Berg" moet wend om die geskiedenis te transender en oor die feitlike te triomfeer, is ?n modernistiese praktyk, nie in ooreenstemming met postmodernistiese opvattinge nie. Die gevaar van sodanige binêre opposisiestellings is die verabsolutering of totalisering van een aspek van die binêre stel, selfs wanneer desentrering plaasvind (Derrida, 1988: 118). In die postmodernistiese era het daar egter veel meer kompleksiteite na vore begin tree ? Hutcheon (1988: 20) betoog:

[T]he binary oppositions that are usually set up in the writing on postmodernism ? between past and present, modern and postmodern, and so on ? should probably be called into question, if only because, like the rhetoric of rupture (discontinuity, decentering, and so on), postmodernism literally names and constitutes its own paradoxical identity, and does so in an uneasy contradictory relationship of constant slippage.

Die paradoksale teenstellings wat die postmodernisme kenmerk, verwerp enige netjiese opposisie wat ?n geheime hiérargie herberg of verbloem (Hutcheon, 1988: 12, 43 en 61). Dit erken voorts die eie aandadigheid en gee toe dat kontradiksie eintlik kompromie impliseer (Hutcheon, 1988: 46). Op grond hiervan wil dit voorkom asof die postmodernisme nie ?n logika van óf.. óf voorstaan nie, maar eerder een van én... én(Hutcheon, 1988: 46, 49 en 50).

Die modernistiese konsep van ?n enkele en vervreemdende andersheid word uitgedaag deur die postmodernistiese bevraagtekening van die binêre pare wat in der waarheid hiérargieë verbloem. Om egter sodanige hiérargieë te laat ineenstort, beteken nog nie dat die onderskeidinge self in duie stort nie (Hutcheon, 1988: 61). In plaas daarvan om die aandag bloot te vestig op die ander, vreemde, supplementêre helfte van die binêre opposisie, word daar eerder in die postmodernisme van die proses van desentrering gebruik gemaak, omdat die sentrum die spil is waarom die binêre opposisies draai. Sodra die sentrum gesien word as ?n konstruksie, ?n fiksie, nie as ?n vaste en onveranderlike werklikheid nie, dan begin die ou logika van óf.. óf en nóg.. nóg verval en ontstaan daar ?n houding van sowel ... as waarin pluraliteit en verskil nuwe moontlikhede open in die plek van eksklusiwiteit en uitsluiting (Hutcheon, 1988: 62). Die postmodernistiese nosie van verskil is altyd meervoudig en voorlopig van aard (Hutcheon, 1988: 65). Om te desentreer, beteken egter nie om te ontken nie (Hutcheon, 1988: 159). Sodoende kan die sentrum nie bloot tot die randgebied uitgeskuif en die marginale nie weer tot ?n nuwe

middelpunt gemaak word nie. Deur ?n paradoksaal verdubbelde posisionering kan die sentrum dus van sowel binne as buite af bekyk en bekritiseer word (Hutcheon, 1988: 69).

Waar dit wil voorkom asof ?n strukturalistiese benadering tot "Apollo Smintheus" ?n modernistiese ontsnaproete tot die mite voorstaan, kan ?n poststrukturalistiese benadering só 'n lesing eerbiedig én verwerp: deur desentrering word die logos van die feitlike geskiedskrywing afgewys ter wille van die mythos, maar sodra difference intree, kan die mythos self weer geproblematiseer word, ten einde totalisering daarvan af te weer. Nou kan die afleiding moontlik gemaak word dat die mite slegs ?n toegangsroete is om die "werklikheid" van Afrika mee te bewys.

Hoewel die "gode" verhinder het dat die reisigers hul doel kon bereik, die mitiese stad Vigit Magna, kan De la Guerre getuig van die "werklikheid" van ?n ontmitologiseerde Afrika, van die feitelikhede van die hitte en dorheid van die land, terwyl Van Meerhoff se histories geboekstaafde "suksesse" eintlik fiksioneel aandoen. As Van Meerhoff dan "monsters in ?n systroom" kan teel, kan De la Guerre hom "seer seker" troef deur te wys op die geslotenheid en ongenaakbaarheid van Afrika. Die klipharde aard van Afrika kan op die "Kaapse kaggel" uitgestal word as "[g]etuienis, ja." Maar "getuienis" wat paradoksaal genoeg met die ompad van mite en fiksie gelewer word.

4. Historiografiese metapoësie as getuienis

Hoewel die gedigteks nie uitsluitsel gee oor die getuieniswaarde van die klippe wat opgetel word nie, word wel gesuggereer dat De la Guerre selfversekerd as held uit die stryd kan tree deur te "wys" en te getuig ("[g]etuienis"), byvoorbeeld om te wys hoe die land deur die elemente gevorm is, hoe die son die land treiter, hoe oud, primitief, wild en gewelddadig Afrika is, hoe sonder genade; ander moontlikhede is om te getuig van die een of ander skermutseling met die inheemse bevolking, ?n kwansuise heldedaad, ?n versinde oorwinning (of nederlaag); of selfs om bewys te lewer van rare en verwerkbare of halfverwerkte gesteentes. Hoe dit ook al sy: die klippe bly ten slotte blote rariteite met beperkte uitstallingswaarde, "vir die Kaapse kaggel ?n kuriositeit". Die tasbare optelgoed ("n spatsel van gesmelte rots, stollings bloed en steen" ? klippe van die sogenaamde marmerberg by Nuwerus?) staan in ?n binêre opposisie teenoor die skatte ("edelgesteentes", "minerale" en "suiwer goud") wat De la Guerre veronderstel was om terug te bring na die Fort. Die laaste twee reëls van die tweede strofe skep die indruk dat die Europe? gedink het dat ?n mens in Afrika sommer goud van die grond af kon optel of uit ?n pan kon skraap. (Volgens die HAT van Odendal et al. [1985] beteken raap haastig optel, bymekaarmaak, versamel; minder algemeen beteken dit om sout te skraap uit ?n soutpan.) Die landsreisiger het egter nie die land Monomotapa en die "gesogte Berg" met al die rykdomme gevind nie. [\(9\)](#) Hoewel De la Guerre skynbaar die soeke na die "suiwer goud" van Afrika opgee, begin hy "tog naderhand weer om klippe op te tel": gesteentes wat hul geheime in hulself beslote hou en potensieel koper- of gouddraend is. Die optel van die klippe dien nie slegs om op rasionele manier bewyse te soek wat die redes vir die mislukking van die tog kan opklaar en verhelder nie, maar ook om die moontlikheid van minerale en metafisiese vondste te suggereer en die beswerende krag van die tersaaklikheid en waarheid van ?n Griekse mite te illustreer. Hierdie soeke na

stawingsmateriaal kan enersyds geskakel word met die positivistiese wetenskapsbeoefening ná die Verligting en die premie wat in die historiografie geplaas word op klinkklare, onweerlegbare feite. Andersyds kan die soeke na transendering verbind word met die modernistiese benutting van die beeldkorrelaat (De la Guerre as objective correlative van die bedremmelde digter) en die geloof in die sublimasiepotensiaal van die kunswerk.

Dat die optelklippe nie noukeurig beskryf of pertinent omskryf word nie, is van belang in die interpretasieproses. Die leser sou miskien die gevolgtrekking kon maak dat die "stollings bloed en steen" na onderskeidelik stollingsgesteente en bloedsteen of heliotroop ([10](#)) verwys. Eersgenoemde is ?n gesteente wat ontstaan deur afkoeling van magma (lawa) wat uit vulkane stroomb (HAT ? Odendaal et al., 1985). Laasgenoemde is ?n (blou-) groenerige variëteit van chalcedoon met druppelvormige kolletjies van rooi jaspis wat die indruk van bloeddruppels gee (HAT, Van Dale en WAT ? onderskeidelik Odendaal et al., 1985; Kruyskamp, 1982; en Schoonees, 1970). Met verwysing na die uitdrukking "op hul bliksem speel" in die laaste reël sou die afleiding ook gemaak kon word dat dit om bliksemsteen gaan, ?n klein, gladde, niervormige, donker gekleurde vuursteen wat volgens volksgeloof ontstaan het deur die inslaan van die bliksem, ook genoem dondersteen of swareweersteen (WAT). Die gedig gee egter nie uitsluitsel oor hierdie gesteentes nie. Die vaagheid van die aanduidings het myns insiens juis ten doel om die ideaal van keiharde "[g]letuienis" te ondermy. Waarvan die gesteentes die "[g]letuienis" moet wees, is ook nie duidelik nie; die leser kan maar net spekuleer.

Die vae, ongespesifiseerde bewysmateriaal vir ?n vae, ongespesifiseerde gegewe (dit wil sê 'n gegewe, gebeure of gebeurtenis wat nog nie tot feit gemaak is nie) trek die netjiese verhouding tussen betekenaar en betekende in twyfel. Hutcheon (1988: 89 en 122) se onderskeid tussen gebeurtenis (event) en feit (fact) is hier ter sake: die bestaan van die verlede en van spesifieke gebeurtenisse in die verlede word nie in die postmodernistiese diskopers ontken nie, maar daardie verlede kan slegs semioties geken word. Bekker se historiografiese metagedig wil moontlik beklemtoon dat gebeurtenisse nie op sigself betekenisdraend is nie. Die implikasie sou dus kon wees dat die postmodernistiese teks slegs van onbepaaldhede kan getuig (die klippe roep dit as't ware uit!); dit kan nie die volle waarheid representeer nie, juis omdat daar nie ?n enkele geldende waarheid bestaan nie.

Die landskap waar die klippe verspreid rondlê word op hoogs subjektiewe wyse voorgestel as "te eenders om jou verder bloot te stel". Dit is asof al die verskillende beelde van die ongerepte en ongekaarte gebied (of die perspektiewe daarop) nie van mekaar onderskei kon word nie en so deurmekaarvloeи dat dit té eenselwig begin lyk het vir die Normandiër Jonas de la Guerre, wie se oog gekondisioneer is deur die welige Europese landskap. Die werklikheid openbaar Afrika as "dié plat hel". Die klippe lewer bewys van ?n geologiese voorgeschiedenis van ?n enorme omvang ? vergelyk die woordkeuses "spatsel", "gesmelte" en "stollings". Sou die verwysing na die klippe ook betrekking kon hê op die "primitiewe" werktuie van die inheemse bevolking of op die klippunte van hul pyle (vergelyk Böeseken, 1966: 23)? Blootstelling aan Afrika beteken nie net uitlewering aan die natuurelemente soos die warm weer, dor winde en olifante nie, maar ook aan die inheemse bevolking (op degraderende wyse as "mensetrop" benoem) wat die reisigers oorval, ([11](#)) hul kruit steel en hul waens aan die brand steek.

Teenoor die "wrede werklikheid" is die tradisionele, romantiese voorstelling van Afrika dié

van ?n magiese, swart vasteland ? vergelyk in strofe 3 die opstapeling van stereotiepe beelde: "duister seë "?n swarter kus", "koel spelonke", "?n land van Ofir-vloed" en "?n kontinent wat glim soos ebbehout". Die droomvoorstelling van Afrika verteenwoordig die afwesige, die ander en gevoglik die begerenswaardige; die werklikheidsvoorstelling verteenwoordig die teenswoordige, maar steeds die ander, wat paradoksaal genoeg gehaat én begeer word. Teen dié agtergrond gelees, sou beweer kon word dat De la Guerre as simbool beskou kan word van die verlangens van nie slegs die koloniste en die Here Sewentien in die jaar 1663 nie, maar ook van die vele lands- en seereisigers wat oor die jare heen die gerugte (die feite?) oor die goue skatte en priester Jan se Ryk versprei het. Meer nog: die misterieuze, ongeïdentifiseerde land word gedefinieer in terme van die afwesige, naamlik die Bybelse Ofir. Volgens die Bybelse ensiklopedie van Gispen en Oossterhoff et al.(1975) is Ofir die land waarvandaan die skepe van Salomo groot hoeveelhede goud gebring het (1 Kon. 9: 26-28, 10: 11 en 22). Net soos wat daar nie vandag met sekerheid vasgestel kan word waar Ofir geleë was nie, net so is priester Jan se Ryk in misterie gehul. En tog kan die bestaan van Ofir nie as blote versinsel afgemaak word nie. Volgens die Bybelse ensiklopedie van Gispen en Oossterhoff et al.(1975) is ?n skerf met die inskripsie "Goud van Ofir vir Bet-Heron" byvoorbeeld gevind in Tell Qasileh, wat die handelsbetrekkinge tussen Israel en Ofir bevestig ("Getuienis, ja"!). Die verbandlegging met Ofir in Bekker se gedig is myns insiens ook nie toevallig nie. Een van Da Gama se toogenote, Tomé Lopez, het Monomotapa naamlik geïdentifiseer as die Bybelse Ofir (in die Kaapse dagregister word ook na Ofir verwys ? vergelyk Böeseken, 1969: 40 en Huigen, 1996: 44). Ofir, priester Jan se Ryk, Monomotapa en Vigiti Magna funksioneer dus as aanduidings van die onbereikbare. In modernistiese sin skuif hulle oor mekaar heen op die vertikale of paradigmatische as wat deel uitmaak van die hiérargiese sisteem van die teks. In ?n postmodernistiese opset kan gesê word dat hulle mekaar telkens verplaas as betekenaars in ?n proses van oneindige semiosis. Hierdeur kan die leser bewus word van die poststrukturalistiese opvatting van die betekeningsgewingsproses, waarby tekens slegs teenwoordig is in hul afwesigheid. Daarom is die leesaksie vir Eagleton (1983: 128) "more like tracing this process of constant flickering than it is like counting the beads on a necklace".

Na afloop van die sesde reis het die Kommandeur die streek wat die geselskap besoek het, beskryf as ?n land wat net "velle en klippe" oplewer (Böeseken, 1966: 24). Die klippe as supplemente van die skatte van donker Afrika dien as tasbare, feitelike aanvulling tot die fiksies van vele "[v]aarders". Waarvan hierdie gesteentes veronderstel is om "*[g]etuienis*" te wees, is egter nie seker nie. Moontlik dat alles fiksie is, ook die feitelike? Die historiografiese metapoësie lever getuienis daarvan dat die konsep getuienis nie op ewigheidswaardes berus nie, maar gekonstrueer word ten einde bepaalde persoonlike, politieke of literêre agendas te dien. Hierdie agendas kan slegs deur interpretasies agterhaal word ? vergelyk Ankersmit (1989: 145-146):

For the modernist, within the scientific world-picture, within the view of history we all initially accept, evidence is in essence the evidence that something happened in the past. The modernist historian follows a line of reasoning from his sources and evidence to an historical reality hidden behind the sources. On the other hand, in the postmodernist view, evidence does not point towards the past but to other interpretations of the past; for that is what we in fact use evidence for.

Wat die metapoëtiese kode betref, is die voorstelling van die digter egter hier nie die "mite" van die modernistiese uitverkore enkeling wat die engel uit die verborgene van die klip moet verlos nie (vergelyk Opperman se bundel Engel uit die klip van 1950), maar dié van die opteller van nutteloze klippe wat verspreid op die grondoppervlak rondlê. Binne die postmodernisme is die digter nie ?n goddelike skepper wat die optelklip kan transformeer tot toorklip van die woord of ?n alchemis wat onedele materiaal probeer omskep tot kosbare filosowesteen nie, maar ?n blote bondelsmous of venter ("marskramer") met ?n mandjie op die rug. [\(12\)](#)

In die historiografiese metapoësie is die re-presentasie van figure soos De la Guerre en die digter enersyds dié van subjekte wat nie met enige vertroue hul eie plek in die geskiedenis kan vasstel nie en wie se subjektiwiteit sodoende in die geskiedenis geïnskryf word as problematies. Andersyds word hulle voorgestel (of stel hulle hulself voor) as selfrefleksief, bevraagtekenend, parodiërend en ironiserend. Dit beteken dat hulle nie hulself oorgee aan algehele dekonstruksie en nihilisme nie, maar dat hulle wel rekonstruktief kan optree.

Die mandjie of grabbelsak van die historiografiese metapoësie is nie net vol onnuuswaardighede, treurmores en oorverhitte drome nie, maar vol optelgoed, brokke getuienis, mites en nonsensstories; kortom: ?n gebliksem spelery.

5. Die mite as monster

Dat Van Meerhoff volgens Bekker se gedig "kon kom opgee" oor "?n vreemde dier", beteken dat dit vir hóm vreemd was en dat hy dit daarom moes bekend maak; die moontlikheid van verifikasie word oopgehoud. Maar diewoordkeuse "opgee" beteken naas bekend maak ook roem op (HAT ? Odendaal et al., 1985): Van Meerhoff het ietwat te koop geloop met sy monster, is die implikasie. Die geskiedenis van die voorkoms van monsters in die letterkunde en veral die etimologiese betekenis van die woord monster is hier van belang: die woord is afkomstig van die Latynse soortnaam monstrum, wat onder meer voorteken beteken, afgelei van monére, om te herinner of te waarsku (Gove, 1966 ? vergelyk Foster, 1987: 162 en 179). Was die monster of monsters vir die reisigers ?n teken van dreigende onheil? Sou die verwysings na Van Meerhoff se monster(s) ?n bedekte waarskuwing wees vir die leser van "Apollo Smintheus"? Sou die implikasie wees dat skyn ? werklikheid kan bedrieg?

Daar is in my artikel in die vorige uitgawe van Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans betoog dat die monster of monsters van Van Meerhoff moontlik ?n voorbeeld van fabulering is, of ?n voorbeeld van foutiewe benoeming op grond van ?n gebreklike dierkundige kennis (Foster, 2004: 20-40). Was dit miskien spelerige otters? Dat "ou Van Meerhoff monsters in ?n systroom teel", kan in ?n negatiewe lig beoordeel word as grootpraat, oordrywing of oneerlikheid. Presies waarvan die monsters as tekens funksioneer, is nie duidelik nie. As voorbeeld van waarskuwings-, herinnerings- en voorspellingstekens (vergelyk die etimologie van die woord monster) kan die monsters beskou word as betekenaars sonder vaste betekendes. ?n Eerste moontlikheid is dat net soos wat die monster met die drie koppe die veelbelowende rivier bewaak teen inbringing en as voorteken van onheil optree, net so duid die gode nie die opdringing van die pestelike landsreisigers nie en word hul oorwinningspoging reeds by die voorgebergtes

gedwarsboom; "elkeen wat ?n land soek", soos wat strofe 2 lui, sal gestuit word. Moontlik staan die teel van monsters in ?n systroom ook in verband met die fabrisering van ?n verhaal, die skep van ?n mite of die konstruering van ?n gedig. Poststrukturalisties gesproke, sou gesê kon word dat die teel van die monsters ?n vermenigvuldigingsproses signifieer, waarin die een betekenaar ad infinitum uitbrei tot ander. Binne ?n postmodernistiese raamwerk beteken dit dat die fiksies wat sodoende ontstaan, die aandag vestig op figure of sake wat nie deel is van die hoofstroom nie (vergelyk die verwysing na "?n systroom"), maar wat monsters, voorbeeld of eksemplare is van die monsteragtige, die supplementê, die ander, die vreemde, die wonderbaarlike, die afwykende en die persoonlike of kollektiewe onbewuste.

As die historiograaf Pieter van Meerhoff in sy feitelike joernaal hom "skuldig" kon maak aan fabulering, dan kan De la Guerre (en by uitbreiding die digter) op soortgelyke wyse feit en fiksie vermeng en van allerlei soorte intertekste gebruik maak, suggereer die gedig "*Apollo Smintheus*". Hoewel gesê kan word dat hul genres verskil, verskil die werkwyse van historiograaf en digter nie in wese nie: albei tas die werklikheid aan deurdat hulle net in staat is om fragmente of brokstukke daarvan te representer. Onder die intertekste wat sowel digter as historiograaf kan benut, tel die mite: die antieke mite van Apollo en die nuutgeskape een van die monsters (Hutcheon [1988: 16] verwys na "the myth- or illusionmaking tendencies of historiography"). Dit waarvan die mite binne ?n modernistiese raamwerk veronderstel is om te getuig, naamlik van die bestaan van ?n transendentale of universele gegewe buite die individu, word in "*Apollo Smintheus*" afgewys omdat sowel die gedig as die oorgelewerde geskiedenis nie onomwonde te kenne gee hoe De la Guerre die mite(s) van sy tyd geïnterpreteer en gehanteer het nie. Omdat die slot van die gedig besonder oop is, word die leser tot medewerking uitgelok deur te spekuleer en self ?n slot te konstrueer. Ook is die temporele hantering in die gedig insiggewend: die (self-)gesprek vind in die teenwoordige tyd plaas, blykbaar op ?n punt nadat die groep reisigers by hul uitgebrande wa aangekom het, maar voordat die terugtog te voet aangepak of voordat die Fort bereik word ? vergelyk die reëls "Na drie maande staan jy voor ?n dowwe hang", "Jy sien hoe jy gewoon as marskramer, en bang, / na die Fort toe terugkruiп oor dié plat heil" en "jy voel hoe sak ?n oorverhitte droom, hoe sterf / ?n ryk; begin tog naderhand weer om klippe op te tel ? ". Daar sou beweer kon word dat die gebeure van die laaste strofe in De la Guerre se geestesoog plaasvind en dat dit ?n toekomsmoontlikheid is. Tog word die presens steeds gehandhaaf: "Jy sien hoe jy gewoon [...] na die Fort toe terugkruiп", ensovoorts.

Deurdat die gedig op aleatoriese wyse ?n hipotetiese alternatief in die slot voorhou van hoe die gebeure geïnterpreteer sou kon word en die geskiedenis gevolglik anders geboekstaaf sou kon wees, word kommentaar gelewer op die mediéringsproses tussen gebeurtenis en feit en die mitologisering wat in die historiografiese praktyk intree. Indien verder aanvaar word dat die aanklag teen De la Guerre eintlik ?n selfgesprek is, of dat hier sprake is van ?n vermenigvuldigende vertelmodus, is die moontlikheid van die ironisering en parodiëring van die mite (en uiteraard van die joernaal) nie uitgesluit nie. Die historiografiese metagedig "*Apollo Smintheus*" parodieer dus sowel die "algemene" as die literêre geskiedenis.

Wat die gedig "gerieflikheidshalwe" nie te kenne gee nie, is dat Van Meerhoff meegedoen het aan die sogenaamde mislukte sesde reis, en wel met die spesifieke opdrag om joernaal te hou ? vergelyk Godée Molsbergen (1916: 115, met gebruikmaking van die argivale dokumente):

Pieter van Meerhoff "als die wel ter pen en oock eenighsints in de teyckenkunst ervaren is" moet "behoorlijck daghregister ... houden, gelijck deselve oock alle dagen eer ghij uytgaet en des avonts eer ghij uw tot rust begeeft in alder tegenwoordigheyt de gewoone morgen en avontgebeden tot Godt sal hebben te doen, op dat ghij op al uw wegen desselfs Goddelijcke bijstandt erlangen en behouden meught."

Die "ampelike" weergawe van die geskiedenis van die sesde landsreis is dus dié van Pieter van Meerhoff; sy weergawe is tot enigste waarheid gemaak. Hoewel Jonas de la Guerre die leier van die tog was, was die gewoonlik suksesvolle Van Meerhoff deel van ?n "teleurstellende" sending. Ook hý kon nie sake beredder en die gebeure beïnvloed of anders laat verloop nie. Deurdat die meesternarratief wat daar ontstaan het rondom die landsreisiger Van Meerhoff ? asook sy historiografiese praktyk ? bevraagteken en selfs gedemistifiseer word in die gedig, word die voorstelling van De la Guerre as swakkeling gerelativeer. Wat betref die "konkurrensie" tussen die twee figure kan gevra word of die moontlikheid nie bestaan dat Van Meerhoff homself deur sy skryfaanleg en flambojante persoonlikheid opsigteliker kon profileer en bemark as De la Guerre nie. Het hy nie meegewerk aan die mitologisering van sy eie identiteit nie? De la Guerre word egter nie in die herskrewe en alternatiewe geskiedenis van die gedigteks tot held opgehemel nie, maar die leser word bewus gemaak van die problematiek van die modernistiese opsie wat aan sogenaamde verloorders voorgehou word, naamlik die transenderings- en sublimasiepotensiaal van die droom en die mite.

6. Apollo Smintheus: Die muisegod

Die elitistiese siening van die digter as uitverkore kunstenaar, profeet of godheid word ondermyn deurdat Apollo, god van die poësie, in Bekker se gedig as Apollo Smintheus voorgestel word: die muisegod.

Dat Apollo ook die god van die muise was, is waarskynlik nie algemeen bekend nie ? volume 2 van die Encyclopaedia Britannica (Preece, 1967: 121), byvoorbeeld, noem die epiteton Smintheus net vlugtig. [\(13\)](#) Om meer omtrent Apollo-as-muisegod uit te vind, moet die toevlug geneem word tot Homerus. In die eerste deel van Homerus se heldedig Die Ilias word vertel van Apollo Smintheus se mag oor die muise of die plaag. [\(14\)](#) Daar word verhaal hoe die priester Chryses tot Apollo Smintheus bid (vanaf reël 43) om die Danaërs met sy pyle te straf omdat hulle sy dogter, Chryseis, gevange geneem en aan koning Agamemnon gegee het. Apollo verhoor die smeekbede. Die god van die Silwer Boog verlaat Olimpus en skiet sy pyle nege dae lank op die kamp af ? ?n metafoor vir die loslaat van die pes (muise). [\(15\)](#) Nadat Chryseis aan haar vader terugbesorg is, het laasgenoemde tot Apollo gebid om die muisplaag af te weer. Die stuur van die plaag was ook ?n omkoopgebaar om Achilles te dwing om tot die stryd toe te tree. (Die Griekse beleg van Troje was reeds in sy tiende jaar; Achilles en sy krygsmanne wou nie tot die oorlog toetree en aan die kant van Agamemnon veg nie.) As draer van die plaag (Homerus, 1991: 678) kon Apollo Smintheus dus sowel peste veroorsaak as afweer; hy is die beskermer "die verdelger van muise. Dié anomalie hou volgens Pauw (1998) verband met die meervoudige, ambivalente en hibridiese aard van die gode (wat aan die hibridiese

"aard" van die postmodernisme herinner!).

Deur die historiese gegewe van die landsreisigers te lees naas die interteks van die Trojaanse Oorlog, kan daar ? metapoëties gesproke ? "monsters in ?n systroom" geteel word, dit wil sê kan daar toegelaat word dat ?n vermeerderingsproses van betekenaars en interpretasies aan die gang gesit word wat nie sou kon plaasvind indien die hoofstroomdenke of ?n eng tekssentriese benadering gehandhaaf sou word nie. Deur bevraagtekening van die konsep van die transendentale betekende en met behulp van so ? n sydelingse (intertekstuele) benadering wil ek waag om te beweer dat die historiografiese metagedig "Apollo Smintheus" nie net handel oor die kolonisering van Afrika en die kolonisering van die mite nie, maar oor die magsverhoudinge in ?n manlik gedomineerde samelewning. Die geskiedenis wat die joernale en die gedig vertel, is die geskiedenis van die wit, manlike koloniste ? nie dié van vroue of die sogenaamde inheemse bevolking nie.

Dit is ?n geskiedenis van landsreise, van roetes wat skoongehou moes word, van nuuswaardigheid en van sogenaamd welmenende handel (strofes 1 en 2). Dat dit bedryf word in die gees van "skimpend eintlik op uitvra, oënskynlik sonder erg" (strofe 2, reël 6), verraai die versteekte agendas van ontginning en uitbuiting; die binêre opposisies herberg "verbloem die geheime hiërargie (Hutcheon, 1988: 12, 43 en 61). Die gedig "Apollo Smintheus" representer (én re-presenteer) nie net die geskiedenis van die verkenning en kolonisatie van die Suid-Afrikaanse binneland in die sewentiende eeu nie, maar ook die geskiedenis van wit, manlike oorheersing en die geskiedenis van oorlog, stryd en kompetisie tot in die twintigste eeu. Die eienaam "De la Guerre" is immers simbolies gelai in Frans beteken dit [van] die oorlog. Die historiografiese metapoësie stel nie soseer belang in wat die geskiedenis vertel nie, maar wie se geskiedenis vertel word. Deurdat die leser bewus word van die gender-spesifisiteit van die gedig, kan vroe geaktiveer word oor die geskiedenis van vroue en swartmense. Deur op ?n problematiserende, ironiserende en parodiërende manier met die (inter-)tekste om te gaan, kan die afwesige, versweë, geraseerde figure moontlik aanwesig gemaak word: die gemarginaliseerde, periferale subjekte. In samehang met die ander kwaliteite van Apollo is dit ironies dat die god van die poësie en die profesie terselfdertyd die god van die muise is. In kombinasie met die woorde "seer seker" (strofe 4, reël 13) sou die uitdrukking "op hul bliksem speel" die voorstel versterk dat die gedig as parodie gelees kan word. Dat die god van die Silwer Boog die "veldmuise op hul bliksem speel" [my kursivering], in plaas van gee, kontrasteer met die beklemtoning van die god se woede in die heldedig ? vergelyk enkele aanhalings uit reëls 50-53: "Met woede in sy hart het Hy van Olimpus se kruine afgedaal [...]. Toe het die pyle teen sy skouers gekletter in sy woede" (Homerus, 1952: 2); "Phoebus Apollo [...] came down in fury [...] the arrows clanged on the shoulder of the angry god" (Homerus, 1982: 24); "Down he strode from Olympus" peaks, storming at heart [...] the god quaked with rage? (Homerus, 1991: 79). Ook die feit dat Apollo die laer nege dae lank met pyle bestook het, laat sy woede blyk. Die verandering van die idiomatiese uitdrukking "op hul bliksem gee" na "op hul bliksem speel" in die slotreël van die gedig skep die indruk dat Apollo op gemaklike en selfs lughartige wyse afreken met die indringers; hy speel op karnavaleske wyse klaar met die "pes". Die kragwoord "bliksem" hou ook andersyds verband met die uitspreek van die banyloek (vergelyk die uitdrukking die bliksem van die Vatikaan wat ekskommunikasie beteken ? WAT en Van Dale; onderskeidelik Schoonees, 1970 en Kruyskamp, 1982). Dat die god by wyse van spreke die muise verban, sou met betrekking tot die landsreisigers kon beteken dat Afrika afwysend is teenoor die koloniste, die Europese indringers wat net wil approprieer en inpalm. Die ironie is egter dat daar in

die demaskeringsproses van ?n Griekse verwysingsraamwerk gebruik gemaak word. Afrika word in terme van die Europese mite voorgestel.

Die teruggryp na dié antieke Westerse intertekstuele gegewe lewer andersyds "[g]etuienis" van ?n Eurosentriese ingesteldheid by die verteller; andersyds word die mite ontmasker as totaliserende meesternarratief. Die geskiedenis van Suider-Afrika is in ?n groot mate die geskiedenis van die manlike koloniserende Westerling, wil die teks moontlik te kenne gee. Hierdie standpunt word bevestig deurdat die pyl van Apollo ook assosiasies besit met die oog en met die fallus (Paglia, 1991: 31, 32, 80, 101 en 104 en Cirlot, 1982: 19-20), in die besonder as verowerings- en transenderingsmiddel.

Voortvloeiend uit die antieke Griekse mites en heldedigte is daar ook ander mites wat steeds werksaam in die Weste is, byvoorbeeld die mite van die Apolliniese beginsel as een van ewewigtigheid en beheerstheid (Van Dale ? Kruyskamp, 1982). Die term word sedert Nietzsche gebruik ter aanduiding van die element van klassieke rus en harmonie in wêreldbeskouing en lewensleer, in teenstelling met die felbewoë, demoniese of Dionisiese element (WAT ? Schoonees, 1970) (Dionusos was die god van vegetasie en wyn, en gevolglik van permissiwiteit). In ?n binêre opposisiestelling onderskei Paglia (1991: 96) ([16](#)) as volg tussen die Apolliniese en die Dionisiese:

Dionysus is identification, Apollo objectification. Dionysus is the empathic, the sympathetic emotion transporting us into other people, other places, other times. Apollo is the hard, cold separatism of western personality and categorical thought. Dionysus is energy, ecstasy, hysteria, promiscuity, emotionalism ? heedless indiscriminateness of idea or practice. Apollo is obsessiveness, voyeurism, idolatry, fascism ? frigidity and aggression of the eye, petrification of objects.

Laasgenoemde Apolliniese verstarring van voorwerpe en konsepte word in die Bekker gedig gesuggereer deur die omskrywing van die klippe wat De la Guerre naderhand begin optel het. Sy voorkeur gaan duidelik uit na die versteende, gestolde elemente van die Afrika-landskap: "?n spatsel van gesmelte rots, stollings bloed en steen"; die deur my gekursiveerde woorde doen enkele fases of stadia in die petrifiekasieproses aan die hand. Die tradisionele simboolwaardes van klip en rots is ook hier van belang, byvoorbeeld dié van permanensie, soliditeit, eenheid, krag en integriteit; van kohesie en harmonieuse versoening met die Self (Cirlot, 1982: 274 en 313). In sy heel vorm is klip die antitese van biologiese dinge wat onderworpe is aan die wette van verandering, verwording en dood (Cirlot, 1982: 121 313). Hierdie simboolwaardes skakel in belangrike opsigte met die Apolliniese eienskappe van koudheid, hardheid en stabiliteit. Objektifikasie, vormgewing, stasis, begrensing, ordening, kategorisering en konseptualisering kenmerk die Apolliniese (vgl. Paglia, 1991: 30, 105, 107, 115, 117 en 215), wat meestal met manlikheid in verband gebring word. Hierteenoor omvat die Dionisiese (vroulike) beginsel aspekte soos vloeibaarheid, vormloosheid, vryheid en dekadensie (Paglia, 1991: 30 en 91): "Apollo? s great opponent Dionysus is ruler of the chthonian whose law is procreative femaleness. [...] [T]he Dionysian is liquid nature, a miasmic swamp whose prototype is the still pond of the womb" (Paglia, 1991: 12). In die gedig "Apollo Smintheus" kan die veelbelowende rivier met die driekoppige monster daarin dus moontlik beskou word as ?n aanduiding van die dinamiese potensiaal en aktiwiteit van die Dionisiese, vroulike beginsel. Van Meerhoff se betrokkenheid by die teel van monsters in ?n systroom gee miskien te kenne dat selfs

die ywerigste najaers van die Apolliniese ideaal nie kan ontkom aan die invloed van die chtoniese nie.

Waar Paglia die konsepte van die Apolliniese en die Dionisiese op strukturalistiese wyse teenoor mekaar opstel, kan haar definiëring en hantering van die konsepte herlei word tot ?n binêre katalogus, wat sterk herinner aan kenmerke van onderskeidelik die modernisme en die postmodernisme. Enersyds is daar die kenmerke soos rigiditeit, ingeslotenheid, geordendheid, berekendheid, individualiteit, eenheid en enkelheid; andersyds is daar pluraliteit, meervoudigheid, verskeidenheid, vormloosheid, transformasie, vloeibaarheid, speelsheid, ekstase, vitaliteit en demoniese energie. Die aktiwiteite van die berekende optel van spesifieke mineraalsoorte (soos geënumereer in die reël "?n spatsel van gesmelte rots, stollings bloed en steen") en die spontane teel van monsters illustreer hierdie uiteenlopende instellings; tussen (op)tel en teel is daar groot verskille.

Binariteitsmodelle soos di?n die vorige paragraaf kan egter bevraagteken woord, juis omdat die postmodernistiese poësie dikwels nie ?n óf.. óf ?ngesteldheid toon nie, maar eerder ?n dubbelgekodeerdeheid. So handhaaf "Apollo Smintheus" myns insiens die Apolliniese beginsel van die voorrang van die lig van die rede ten einde dit te subverteer. Daar kan immers nie kategories beweer word dat Apollo in hierdie geval die monster oorwin nie ? die draak, die raaiselagtige, geassosieer met die vrou en met water (vergelyk Cirlot, 1982: 86 en 88). Hoogstens kan gesê word dat hy die veldmuise ? die klein monstertjies, die "kleine luyden" van die "groote Compagnie" (Conradie, 1934: 3) ? op hul bliksem speel. Dit kom dus voor as ?n skynoorwinning; ?n geïroniseerde, geparodieerde sege. Ondanks ól Apollo Smintheus (en Jonas de la Guerre) se pogings teel die raaiselagtige monsters steeds voort in ?n onbekende systroom, en dit deur toedoen van opponent Van Meerhoff. Die rede kan skynbaar nie die raaisel ongedaan maak nie. Die leser van "Apollo Smintheus" word dus bewus gemaak van die mag van die mite: die mite (in Barthesiaanse sin) van die mite. Enersyds funksioneer die Apolliniese mite as monsteragtige metanarratief (ook in die gedaante wat Paglia dit aanbied!); andersyds dien dit as monster of eksemplaar van mites wat steeds geskep en bestendig word, óók in die postmoderniteit. In albei kategorieë waarsku die mite as monster teen ?n blindelingse aanvaarding van bepaalde stereotipe opvattings, byvoorbeeld die "natuurlike" hiérargieë wat verbloem word deur binêre opposisies soos dié van logos en mythos, feit en fiksie, rasionaliteit en irrasionaliteit, welslae en mislukking, manlikheid en vroulikheid, en ? les bes ? die Apolliniese en die Dionisiese.

7. Ten slotte

Elke representasie van die werklikheid het spesifieerbare ideologiese implikasies, beweer Hayden White (1982: 69). Die gedig "Apollo Smintheus" banaliseer nie die historiese en die feitelike van die sesde landsreis nie, maar politiseer hierdie aspekte deur ?n metafiksionele herbesinning van die epistemologiese en ontologiese verbande tussen geskiedenis en fiksie. In hierdie opsig is die gedig nie werklik radikaal of werklik oppositioneel nie. Dit is egter nie kritiekloos ten opsigte van die posisie van gemarginaliseerde figure in politieke en maatskaplike kontekste nie; ook nie ten opsigte van die profitering deur middel van ekonomiese en ander vorme van eksplotasie nie. Die

ideologie van die postmodernisme is paradoksaal en dubbelgekodeerd: dit bestry huis daardie aspekte waaraan dit krag ontleen.

"Apollo Smintheus" lewer nie getuienis van ?n selfversekerde subjek, ?n selfgenoegsame narratief, ?n waarheidsgetroue representasie en ?n ideologiese onskuld nie. Ten opsigte van postmodernistiese fenomene soos desentrering, dekonstruering, demaskering, onbepaaldheid en ?n ossillasie tussen betekenisse is dit egter ?n paradoksale geval van: "Getuienis, ja".

Universiteit van Stellenbosch

Bibliografie

Ankersmit, F.R. 1989. Historiography and Postmodernism. *History and Theory*, 28(2): 137-153.

Barthes, Roland. 1974 [1957]. *Mythologies* (vert. Annette Lavers). Londen: Jonathan Cape.

Barthes, Roland. 1984 [1977]. *Image Music Text. Essays Selected and Translated by Stephen Heath*. Londen: Fontana.

Bekker, Pirow. 1993. *Rasuur*. Kaapstad: Tafelberg.

Böeseken, A.J. 1966. *Die Nuusbode*. Kaapstad & Bloemfontein: Nasou.

Böeseken, A.J. 1969 [1968]. Die komste van die blankes onder Van Riebeeck. Die vestiging van die blankes onder die Van der Stels. Die geheime en bekoring van Afrika. In: Muller, C.F.J. (red.). *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*. Pretoria & Kaapstad: Academica, 17-51.

Boshoff, S.P.E. en G.S. Nienaber. 1967. *Afrikaanse etimologieë*. Pretoria: Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Bressler, Charles E. 1994. *Literary Criticism. An Introduction to Theory and Practice*. Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice Hall.

Cirlot, J.E. 1982 [1962]. *A Dictionary of Symbols* (vert. Jack Sage). New York: Philosophical Library.

Conradie, Elizabeth. 1934. Hollandse skrywers uit Suid-Afrika. ?n Kultuur-historiese studie. Deel I (1652-1875). Pretoria: J.H. de Bussy & Kaapstad: H.A.U.M. v/h J. Dusseau.

Culler, Jonathan. 1980 [1975]. *Structuralist Poetics. Structuralism, Linguistics and the Study of Literature*. Londen & Henley: Routledge & Kegan Paul.

De Kock, W.J. en D.W. Krüger (hoofreds.). 1986 [1972]. *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*. Kaapstad & Johannesburg: Tafelberg.

- Derrida, Jacques. 1988 [1966]. Structure, Sign and Play in the Discourse of the Human Sciences. In: Lodge, David (red.). Modern Criticism and Theory. A Reader. Londen & New York: Longman, 108-123.
- Die Bybel. 1983. Nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Eagleton, Terry. 1983. Literary Theory. An Introduction. Oxford: Basil Blackwell.
- Foster, P.H. 1987. Die dier as teken in Wilma Stockenström se Monsterverse. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Foster, P.H. 1993. Pirow Bekker se Rasuur. Radio-bespreking, Skrywers en boeke. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Foster, P.H. 2000. Postmodernisme en poësie, met spesifieke verwysing na die historiografiese metagedig Die heengaantrefein van Wilma Stockenström. Ongepubliseerde D Litt-proefskrif. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Foster, P.H. 2004. Die boekstrawing van die sewentiende-eeuse landsreise. Die omsetting van gebeurtenis tot feit. Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans 11(1): 20- 40.
- Gispen, W.H., B.J. Oosterhoff et al. 1975. Bybelse ensiklopedie. Kaapstad: Verenigde Protestantse Uitgewers.
- Godée Molsbergen, E.C. 1916. Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse tijd (vol. 1). Tochten naar het Noorden 1652-1686. Den Haag: Martinus Nijhoff.
- Gove, Philip B. et al. 1966 [1909]. Webster's Third New International Dictionary of the English Language Unabridged with Seven Language Dictionary. Chicago, Londen & Toronto: Encyclopaedia Britannica & William Benton.
- Harland, Richard. 1987. Superstructuralism. The Philosophy of Structuralism and Post-Structuralism. Londen & New York: Methuen.
- Homerus. 1952. Die Ilias (vert. en red. J.P.J. van Rensburg). Stellenbosch: Pro Ecclesia.
- Homerus. 1982 [1950]. The Iliad (vert. E.V. Rieu). Harmondsworth, Middlesex: Penguin.
- Homerus. 1991 [1990]. The Iliad. Introduction and Notes by Bernard Knox (vert. Robert Fagles). New York: Penguin.
- Huigen, Siegfried. 1996. De weg naar Monomotapa. Nederlandstalige representasies van geografische, historische en sociale werkelikheden in Zuid-Afrika. Amsterdam: Amsterdam University Press.
- Hutcheon, Linda. 1988. A Poetics of Postmodernism. History, Theory, Fiction. Londen: Routledge.
- Jefferson, Ann. 1989 [1982]. Structuralism and Post-Structuralism. In: Jefferson, Ann en David Robey (reds.). Modern Literary Theory. A Comparative Introduction. Londen: B.T. Batsford, 92-121.

Kruyskamp, C. 1982 [1864]. Van Dale Groot woordenboek der Nederlandse taal. Utrecht & Antwerpen: Van Dale Lexicografie.

Mossop, E.E. (vert. en red.). 1931. Joernale van die landtogte van Die Edele Vaandrig Olof Bergh (1682 en 1683) en Die Vaandrig Isaq Schrijver (1689). Journals of the Expeditions of the Honourable Ensign Olof Bergh (1682 and 1683) and the Ensign Isaq Schrijver (1689). Kaapstad: Die Van Riebeeck Vereniging.

Odendal, F.F. et al. 1985 en 1994 [1965]. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal (HAT). Johannesburg: Perskor.

Opperman, D.J. 1956 [1950]. Engel uit die klip, 1947-1950. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Paglia, Camille. 1991. Sexual Personae. Art and Decadence from Nefertiti to Emily Dickinson. New York: Vintage.

Pauw, Francois. 1998. Persoonlike mededeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Potgieter, D.J. (red.). 1970-1975. Standard Encyclopedia of Southern Africa. Kaapstad: Nasou.

Preece, W.E. et al. 1967. Encyclopedia Britannica. Chicago, Londen & Toronto: Encyclopedia Britannica.

Schoonees, P.C. (hoofred.). 1970. Die woordeboek van die Afrikaanse taal (WAT). Pretoria: Die Staatsdrukker.

White, Hayden. 1982 [1978]. Tropics of Discourse. Essays in Cultural Criticism. Baltimore & Londen: The Johns Hopkins University Press.

(1) Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans (2004: 20-40).

(2) Hierdie artikel is ?n verkorting van hoofstuk 7 van my doktorale proefskrif, getitel Postmodernisme en poësie, met spesifieke verwysing na die historiografiese metagedig Die heengaanrefrein van Wilma Stockenstrom (Foster, 2000: 206-264). Die promotor was prof. Louise Viljoen. Die titel van die betrokke hoofstuk is: "Historiografie en poësie: "Apollo Smintheus" van Pirow Bekker as historiografiese metagedig".

(3) Barthes se teoretisering word elders in meer besonderhede bespreek (Foster, 2000: 246-249).

(4) Gewoonlik word die hiérargies belangrikste lid van die opposisiepaar telkens eerste geplaas. Uiteraard word hierdie rangorde bepaal deur die betrokke leesraam en -strategie.

(5) Onder die opskrif "Die kontingente vertelwyse" bespreek ek in my proefskrif (Foster, 2000: 233-239) die kompleksiteit van die vertelprosedure van hierdie gedig.

(6) Dalene Matthee se Piternella van die Kaap (2000) handel oor ?n dogter van Krotoa en Van Meerhoff. Ook Dan Sleigh se Eilande (2002) betrek hierdie stuk geskiedenis.

(7) Van Meerhoff is op 27 Februarie 1668 (1667 in die Standard Encyclopaedia of Southern Africa, vol. 2) oorlede in Antongilbaai, Madagaskar. Biografiese gegewens oor hom verskyn in onder meer Mossop (1931: 17), SESA (Potgieter, 1975: 153) en die Suid- Afrikaanse biografiese woordeboek (De Kock en Krüger, 1986: 812). Hierdie bronne bevat ook inligting oor De la Guerre, maar ná die sesde landsreis is daar niks oor hom bekend nie.

(8) In die Suid-Afrikaanse biografiese woerdeboek (De Kock en Krüger, 1986: 125) word wel deur A.J. Böeseken erkenning aan De la Guerre gegee: "Ofskoon daar na dié sending geen verdere verwysing na De la G. in die Kaapse dokumente voorkom nie, verdien hy vermelding vir die aandeel wat hy gehad het aan die verkennings van die binneland wat die latere uitbreiding van die Blanke nedersetting aan die Kaap moontlik gemaak het."

(9) Jare hierna sou Simon van der Stel die roem kry vir sy kopervondste (Godée Molsbergen, 1916: 180 e.v.).

(10) Die naam heliotroop hou myns insiens moontlik verband met Helios, die Griekse songod, met wie Apollo dikwels geassosieer word. Van Dale (Kruyskamp, 1982) vermeld ook dat die berg wat aan Apollo en die muses gewy is, die sangberg of Helikon genoem is.

(11) Dit was nie De la Guerre se groep wat deur ?n "mensetrop oorval" is nie (reël 9), maar die vyfde groep reisigers, naamlik dié van Cruythoff in 1662-63 (Böeseken, 1966: 23 en Godée Molsbergen, 1916: 99-100). Hier is ?n voorbeeld van ?n "inkonsekwendheid" tussen gedig en historiese dokumente, waardeur die "amptelike" geskiedskrywing aangetas en ondermyn word.

(12) Die woord marskramer is afkomstig van mars, wat mandjie of rugmandjie beteken (Afrikaanse etimologieë, Van Dale en WAT ? onderskeidelik Boshoff en Nienaber, 1967; Kruyskamp, 1982; en Schoonees, 1970).

(13) Die epiteton Smintheus is volgens Pauw (1998) ?n pre-Griekse vorm ? eintlik ?n Indo- Germaanse woord wat Grieks klink. Dit het tweeduiseend jaar vantevore uit die Noord-Ooste na die Pelasgiane oorgekom. Volgens Bernard Knox se inleiding tot die vertaling van Robert Fagles (Homerus, 1991: 621) is daar in die antieke bronne nie uitsluisel oor die betekenis van die epiteton nie. Sommige kommentators meen dat dit afgelei is van Sminthe, ?n naburige stad; ander van die nie-Griekse woord sminthos, wat muis beteken. Dit is voorts bekend dat daar ?n fees in Rhodos was wat bekend gestaan het as Smintheia, ter ere van Apollo en Dionisus omdat hulle blykbaar die muise doodgemaak het wat ?n plaag in die wingerde was.

(14) Drie vertalings van Die Ilias word hier benut: dié van Van Rensburg (Homerus, 1952), Rieu (Homerus, 1982) en Fagles (Homerus, 1991).

(15) Die Homerus-vertalings verwys onderskeidelik na "god van die plaag", "die plaag" en "die skandelike verwoesting" (1952: 1, 2 en 11); "Smintheus", "the plague" en "their

dreadful scourge" (1982: 24, 24 en 35); en "Smintheus, god of the plague", "plague" en "this killing plague" (1991: 78, 79 en 93). In Van Rensburg se vertaling (Homerus, 1952: 1) is daar ?n verwysing na 1 Sam. 6: 4: "Die Filistyne vra hulle toe: "Watter geskenk moet ons daarmee saamstuur?" en hulle antwoord: "Goue afbeeldings van vyf pesswere en van vyf muise, volgens die getal Filistynse regeerders, want die plaag was een en dieselfde vir almal, ook vir die regeerders.*** Vers 5 lui: "Maak afbeeldings van julle swere en van die muise wat die land verniel het, en gee eer aan die God van Israel; miskien sal sy hand dan nie langer swaar op julle lê nie, ook nie op julle gode en op julle land nie."

(16) Paglia (1991) se teoretisering word elders in meer besonderhede bespreek (Foster, 2000: 252-254).

[Elektroniese weergawes van
T.N&A](#)

[Kontaknommers](#)

[Algemeen](#)

[Riglyne vir
outeurs](#)

[Bo](#)

Tydskrif vir Nederlands & Afrikaans 11de Jaargang, Nommer 2. Desember 2004

'n Prys om te betaal? Die belang van historiese taalnavorsing in 'n etnies verdeelde samelewning (1)

- H.P.Grebe -

Abstract

Since 1994 Afrikaans shares its status as official language not only with English but also with nine indigenous languages. However, this democratic multi-lingualism does not seem to function in practice. English seems to be usurping more and more of the official and high language functions to the detriment of the other indigenous languages, Afrikaans included. According to Gerwel (2004: 5) the vitality of Afrikaans is an important index of reconciliation and the building of a new nation. In this article the position of Afrikaans is briefly discussed. The article concludes with a section in which certain suggestions are made as to how departments of Afrikaans and Dutch should position themselves in the light of the present stigmatisation of Afrikaans. It is suggested that the cross-cultural and interracial nature of the history of Standard Afrikaans should be extensively researched.

1. Inleiding

Suid-Afrika is 'n multi-etniese land. Om hieraan uitdrukking te gee, en dit te bevestig, is die Taaltaakgroep (LANTAG) in 1995 deur die Minister van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie in die lewe geroep. In die voorwoord van die Nasionale Taalbeplanningsraamwerk merk die toenmalige minister op dat taal 'n wesensbesitting is waarmee iedereen sy belewenis van die samelewing en die wette wat dit rig, konstreeur. Deur, en slegs deur my taal het ek dus deel aan, en help ek skep aan 'n gemeenskaplike belewenis van die werklikheid. In hierdie verband maak Calhoun (1994: 9-10) die volgende insiggewende opmerking:

We know of no people without names, no language or culture in which some manner of distinction between self and other, we and they, are not made [?]. Self-knowledge ? always a construction no matter how much it feels like discovery ? is never altogether separable from claims to be known in specific ways by others ?

Deur middel van die moedertaal/eerste taal verwerf elkeen sy menslikheid. In 'n ideale samelewing is dit ook die kanaal waardeur 'n eie identiteit gekonstrueer word en deur middel waarvan die enkeling ingebind word in 'n groter samelewing, volk en nasionaliteit. Volgens Gerwel (2004: 5) is nasionale versoening en nasiebou sleutelkenmerke van die Suid-Afrikaanse nasionale prestasie en strewe.

Die gesondheid van die Afrikaanse taal is vir hom 'n belangrike indeks van die interne versoendheid van die Suid-Afrikaanse nasie. Ondanks die erkenning van die demokratiese beginsel van veeltaligheid, dui die feite daarop dat die land steeds meer en meer na eentaligheid neig met Engels se hegemonie prakties veilig verskans!

Vervolgens sal aangetoon word dat alhoewel Afrikaans demografies en funksioneel goed gevestig is, dit sinds 1994 vanweë verskeie redes teruggedring word. Een belangrike rede hiervoor is die persepsie dat Afrikaans 'n beliggaming van Afrikanermag verteenwoordig en as sodanig vir die politieke smet van Apartheid moet betaal. Vanuit taalhistoriese redes sal daarop gewys word dat hierdie veronderstelde verband tussen Afrikaans en die Afrikaner linguisties nie houdbaar is nie.

2. Die posisie van Afrikaans

Op grond van die jongste sensusgegewens (2001) kan die volgende waarnemings oor die posisie van Afrikaans gemaak word:

- Afrikaans is op grond van sy getal eerstetaalsprekers die derde grootste taal in die land en raak aan die 6 miljoen sprekers of 13.3% van die bykans 45 miljoen inwoners.
- Afrikaans het steeds 'n aansienlike getal tweedetaalsprekers; 16.3 miljoen T1- en T2-sprekers teenoor 17.7 miljoen vir Engels.
- Afrikaans is die taal wat geografies (ten opsigte van sy getal eerstetaalsprekers) die wydste verspreiding vertoon met in twee provinsies die grootste en in vier provinsies die tweede grootste aantal eerstetaalsprekers.
- Afrikaans strek oor etniese grense heen en is in twee groepe goed verteenwoordig; 79.5% van alle bruin mense het aangedui dat Afrikaans hul eerste taal is en 59.1% van alle blankes.

Voorts is Afrikaans tegnies goed ontwikkeld om aan die eise van 'n moderne tegnologiese samelewing te voldoen wat betref terminologiese en leksikografiese eise en dit beskik oor 'n breë reikwydte van registers en 'n gevestigde en groeiende letterkunde.

3. Die stigmatisering van Afrikaans

Sinds 1994 deel Afrikaans sy ampstaalstatus nie meer net met Engels nie, maar met al elf

amptelike tale. In die daagliks gang van sake blyk dit egter dat die regering se nuwe elftalige ampstaalbeleid tot op hede nie slaag nie. In die praktyk word toenemend na Engelseentaligheid beweeg. Ongeag die Nasionale Taal- raamwerk word daar byna daagliks in die media verslag gedoen van nog weer ?n aanslag op die hoër amptelike funksies van Afrikaans. Hoewel die verband tussen taal en kultuur, in die breedste sin van die betekenis daarvan, kompleks is, meen ek dat veilig, en sonder teenspraak, beweer kan word dat Afrikaans en trouens ook die ander inheemse tale hulle in die noute bevind. Een van die belangrikste redes hiervoor het waarskynlik met persepsies te make van wat ?n taal simboliseer.

Vanweë die toenemende hegemonie van Engels in die owerheidsektor, die sakewêreld, televisie en die onderwys ? selfs die nietersière onderwys ? word die rol en funksie wat Afrikaans (én ander inheemse tale) buite die huislike en kerklike kring vervul, steeds onbelangriker. Selfs voorheen magtige Afrikaanse instellings in die openbare en onderwyssektor word toenemend onder druk geplaas om ten koste van Afrikaans na Engels oor te skakel; of dra reeds self subtel die boodskap uit dat die las te swaar word om Afrikaans te bly gebruik. As sprekers van ?n minderheidstaal behoort Afrikaanssprekendes hiermee verlief te neem, word dan gesê. Selfs aan die Universiteit van Pretoria word Engelsééntaligheid stilswyend gekondoneer.

Die verskraalde posisie van Afrikaans word treffend belig deur heel vlugtig na die posisie van Afrikaanstalige skole te verwys. Uit ?n totaal van 2 800 Afrikaansmediumskole het daar volgens Steyn (2000: 9) reeds meer as 800 sedert 1994 na parallel-, dubbel- of selfs Engelsmedium omgeskakel. Sedertdien het hierdie syfer waarskynlik minder gunstig vir Afrikaans geword. Steyn (op. cit.) wys ook daarop dat hoewel net agt persent van alle leerlinge in die land Afrikaanstalig is en die agt persent Afrikaansmediumskole in die land dus hiermee strook, daar nogtans uit verskeie oorde druk op hierdie skole geplaas word asof hulle oorverteenvoerdig is. Steyn vermeld dat Blade Nzimande van die Kommunistiese Party beweer het dat die strewe van Afrikaanse skole om Afrikaans te bly van ?n volkstaatmentaliteit getuig.

Hieruit behoort duidelik te blyk dat Afrikaans te kampe het met ernstige negatiewe taalhoudinge en erg geopolitiseer is. Hierdie stigmatisering van Afrikaans as ?n taal besmet deur aspekte van die politieke verlede moet noodwendig ook Afrikaanstaliges se selfbeeld en integrasie in die nuwe Suid-Afrika nadelig raak, asook hoe hulle en hul taal deur landgenote beoordeel word.

Sonder om intringend psigologies hierop in te gaan,werp onlangse navorsing deur Louise Strydom (2002) in Atteridgeville en Mamelodi, twee swart woonbuurte van Pretoria, lig op wat aan 't gebeure is. Ek is my terdeë daarvan bewus dat die uitkoms van soortgelyke houdingstudies moontlik heel anders sal uitval as dieselfde vrae byvoorbeeld aan ander sosio-ekonomiese groeperinge gestel sou word. Dit beklemtoon egter die belang van soortgelyke houdingstudies vir al die tale van die land oor verskillende etniese, politieke en rasseverdelinge heen.

Met behulp van ?n vraelysondersoek (Strydom, 2002) is die volgende kwessies ondersoek:

Tabel 4: Taal wat die President moet gebruik as hy die nasie

toespreek as %, in Atteridgeville and Mamelodi Eng Pedi Tswa Sso Zulu Xhos Atteridgeville Mamelodi

	Eng	Pedi	Tswa	Sso	Zulu	Xhos
Atteridgeville	86.7	3.3	0.67	0.67	1.3	1.3
Mamelodi	66.7	4.7	2.0	0.0	4.7	0.67

	Ndeb	Afr.	Swaz	Tson	Ven	Alle
Atteridgeville	1.3	0.0	0.0	0.0	0.0	0.67
Mamelodi	0.0	0.7	0.0	0.0	0.0	4.7

Tabel 5: Gemiddelde waarde toegeken aan die belang daarvan dat ?n taal op skool bestudeer word (1 = Belangrik; 2 = Onseker; 3 = Onbelangrik)

	Engels	Pedi	Tswana	Afrikaans	Zulu	Xhosa
Atteridgeville	1.0	1.14	1.28	1.6	1.46	1.84
Mamelodi	1.0	1.5	1.92	1.64	1.82	2.35

Tabel 6: Voorkeurtaal as alle tydskrifte, boek en koerante net in

EEN taal uitgegee kan word as %

	Eng	Pedi	Zulu	Tsw	Afr	Ndeb	Swaz	Tson	MT
Atteridgeville	79.7	5.4	1.4	1.4	1.53	1.4	0.7	1.0	5.7
Mamelodi	67.3	4.7	8.0	2.7	0.7	1.3	0.0	0.0	14.6

Tabel 7: Gemiddelde waarde van die belang van taal in die afdwing van respek (1 = waardevol, 3 = waardeloos)

	Engels	Pedi	Twana	Zulu	Afrikaans
Atteridgeville	1.07	1.17	1.22	1.42	1.58
Mamelodi	1.34	1.57	1.9	1.85	2.0

Opvallend is die lae sosiale waarde wat deur swart mense aan hul eie tale en Afrikaans toegeken word. As Afrikaans in sy stryd om handhawing binne ?n veeltalige demokrasie die aftog teen Engels moet blaas, voorspel dit ook niks goeds vir die ander inheemse tale en die ontwikkeling van ?n vrye, demokratiese bestel in Suid-Afrika nie. Gerwel (2004: 5) beweer in hierdie verband:

Volgehoue groei en lewenskragtigheid in Afrikaans is ?n uiters belangrike komponent in die stukrag agter veeltaligheid, wat een van die grondvoorraadese in ons grondwetlike en samelewingsvisie is. Misluk Afrikaans en gaan die taal agteruit, word die taaldimensie van sosiale verskeidenheid ernstig ondermyn; en terugskram oor enige aspek van ons diversiteitstrewe is ongesond vir die soort demokrasie en samelewing wat ons hier probeer vestig.

4. Hoe moet Departemente Afrikaans hierop reageer?

?n Vraag wat sig onmiddellik opdring is: Hoe moet Departemente Afrikaans hierop reageer? Dit is uiteraard ?n hoogs kontroversiële kwessie en gewis te kompleks om somaar so te beantwoord. Tog waag ek my aan ? enkele aspek van die probleem.

Die rol en plek wat die maatskappy aan ?n bepaalde taal toegeken, berus o.a. op die persepsies oor, en die waarde wat aan daardie taal toegedeel word. In die geval van Afrikaans, en meer bepaald Standaardafrikaans, bestaan daar baie wanpersepsies oor die ontstaan en groei daarvan, asook oor die nut vir die gemeenskap as ?n geheel. In hierdie verband is dit insiggewend om kennis te neem van die onlangse doktorale proefskrif van Jordaan (2004). Sy wys daarop dat veral twee teenoorstaande mites rondom Afrikaans histories hul beslag gekry het en steeds tot die dag van vandag gestalte gee aan die belang daarvan vir verskillende gemeenskappe.

- Tussen Afrikaans en die Afrikaner bestaan daar ?n "natuurlike" liefdesband en as sodanig is dit in pand van die Afrikaner. [\(2\)](#)
- Afrikaans is die taal van die verdrukker.

Die ontstaan en funksionering van hierdie mites word uitvoerig in die onderhawige proefskrif onder die loep geneem. Jordaan (2004: 144 e.v.) gaan uitgebreid in op die negatiewe werking van bogenoemde mites in die bruin gemeenskap en die ambivalente aard van die verhouding tussen bruin sprekers van Afrikaans en hul moedertaal. Met betrekking tot die laasgenoemde mite beweer Jordaan (2004: 216) as sy dit het oor die miteskeppende rol van getuienis voor die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK): "Die slotsom is dus dat die waarheid nie, soos in Bybelse terme die geval is, in hierdie geval volkome "vry maak" nie. Inteendeel, wat swart miteskepping rondom Afrikaans in die lig van die WVK-narratiewe betref, lyk dit eerder asof daar die moontlikheid bestaan dat Afrikaans die prys sal wees wat die Afrikaner vir apartheid sal moet betaal." Krog (1998: 99) stel dit onomwonde in haar boek Country of my skull waarin sy verslag doen oor haar betrokkenheid by die WVK: "It has been stated openly that Afrikaans is the price that Afrikaners will have to pay for Apartheid."

So ?n uitspraak berus op die voorveronderstelling dat Afrikaans die "natuurlike" eiendomlike besit van die blanke Afrikaanssprekende is om na eie goeddunke as vereffening vir sy sondes van die verlede in te boet. Op grond van die historiese gegewens kan aangetoon word dat hierdie mites op persepsies berus wat nie steek hou nie. Dit mag wel so wees dat die vorige politieke bedeling o.a. ook Afrik?saangewend het om andere te onderdruk, maar redelikerwys maak dit die Afrikaner by implikasie nog nie die alleeneienaar van Afrikaans nie. Afrikaans het vir hom ?n plek in hierdie land verdien wat in geen oorsaaklike verband staan tot die sosiale en politieke geskiedenis van slegs die sogenaamde Afrikanergemeenskap nie. Jan Rabie het op ?n keer opgemerk dat Afrikaans die enigste waarlike produk van geslaagde veelrassige samewerking in Suid-Afrika verteenwoordig.

Aan hierdie verreikende siening kán gestalte gegee word deur die geskiedenis van Afrikaans histories dieper na te vors en wyd bekend te maak. Belangrike, onlangse werk oor die ontwikkeling van Afrikaans werp meer lig op wat Afrikaans, en dan meer spesifiek Standaardafrikaans, presies is en hoe dit in alle waarskynlikheid tot stand gekom het. Met hierdie inligting ter hand, kan vele van hierdie "negatiewe mites" oor wat Afrikaans sou wees en vergestalt hopelik teengewerk word. Hier lyk dit my is ?n vrugbare terrein vir

navorsers binne Departemente Afrikaans om aktief mee te werk aan die bekamping van die impak van wanpersepsies op Afrikaans.

In die Middeleeuse wetenskap het empiriese navorsing/waarneming en die empiriese verifiëring van aansprake ?n ondergeskikte rol gespeel. Volgens die skolastiese metode is kennis veral verwerf deur die interpretasie (en annotering) en onderrig van bestaande tekste, waarna geannoteerde tekste weer bestudeer en onderrig is. Vir die onderrig van die tekste is daar verder ?n sisteem ontwikkel van definisies, onderskeidinge en argumentasievorme waarvolgens daar met hierdie boekekennis en uitleg omgegaan moes word (sien Vanderjagt, 1994: 77). In terme van Fishbein en Ajzen (1975) se teorie hierbo, het dit in die Middeleeuse benadering tot kennisverwerwing dus veral gegaan om die tweede en die derde metode.

In die Christelike wetenskapsbeoefening het dit in die besonder ook gegaan om die soek na die ware wese en aard van dinge in die werklikheid, soos bepaal deur spesifieke aannames binne die Christelike leer oor God en die geskape wêreld. Hierby was die tipiese soort empiriese vrae oor die wesensaard van dinge ook van ondergeskikte belang omdat die ware wetenskap God se plan met die mens, soos geopenbaar in die wêreld, moes ondersoek.

Vir die bespreking van DNB is twee sake uit die voorgaande van belang. Die eerste is die rol wat bestaande bronne gespeel het in die aanvaarding van die empiriese bestaan van nie-bestaaende mense, diere, plante en stene en van die eienskappe van bestaande kategorieë. Die tweede is die rol wat afleiding as metode van kennisverwerwing gespeel het in die aanvaarding van die waarheid van hierdie gegewe.

Bronne as waarborg vir aansprake oor die werklikheid

DNB bied self ?n eerste antwoord op die vraag oor watter rol bestaande bronne in die aanvaarding van die empiriese werklikheid van die skepsels en hulle eienskappe in DNB gehad het. Van Maerlant volg sy bronteks hier na (Van der Voort, persoonlike mededeling), maar gedagtg aan die feit dat sy lesers moontlik verskeie van die gegewens in DNB in twyfel sou kon trek, stel Van Maerlant (i) die kwessie van die waarheidswaarde of geloofbaarheid van die feite in DNB telkens aan die orde en (ii) wys dan daarop dat wat hy aan te bied het, steun op oorgelewerde kennis via gesaghebbende bronne (byvoorbeeld ensiklopedieë, bestiaria, en ander bekende geskrifte) van wetenskaplikes en geestelikes, soos Aristoteles, Plinius, Solinius, Albertus Magnus, Jakob van Vitry, Augustinus, ens. (Sien DNB, Prologhe, vr. 1-84; Verwijs, 1878: 1-4.)

Vir die meeste Middeleeuwers was dit miskien dus al afdoende bewys om in die empiriese bestaan van hierdie vreemde skepsels te glo en in die wonderbaarlike kenmerke van ander.

Alhoewel Van Maerlant se ongeloof oor sekere van die gegewe plek-plek in DNB opklink, het hy onwrikbaar aan die waarheid van sy bronne geglo, ongeag wat sy publiek ook al van die waarheid van sy vertelsels gedink het. Na sy uiteensetting van die mens, volg Van Maerlant met die volgende woorde (DNB, Boek i vr. 486- 493; Verwijs, 1878 [dl.1]: 23):

Dat ic van wondre vant ende weet,
Als van menscheliker figuren

In gheloveliker scripturen,
Heb ic gheset in desen boec:
Ghelove die wille, mine roec;
Mare seker bem ic sonder waen.
Dat ic tware doe verstaen,
Na dien dat ict bescreven kende.

("Ik heb hier alles neergeschreven wat ik in betrouwbare geschriften kon vinden over wonderbaarlijke volkeren. Maar of u het gelooft interesseert mij niet. Wat mijzelf betreft, ik twijfel er niet aan dat wat ik zeg de zuivere waarheid is, precies zoals ik die beschreven vond"; Burger, 2002: 10.)

Van Maerlant se geloof in sy bronne vrywaar hom egter nie van die probleem van die feitelike waarheid van sy bronne of van die wyse waarop hierdie feitelikheid in die gedrang gekom het vanweë die algemene werkwyse van oueurs van dié tyd om vir die gesaghebbendheid van hulle eie vertelsels op die gesaghebbendheid van hulle bronne te steun nie.

Wat die eerste betref, is dit gewoon so dat die Middeleeuers nie die middele of moontlikhede gehad het om die feitelikheid van hulle verhale te kontroleer onafhanklik van die bronne self waarop hulle hulle vertelsels gebou het nie. Soos aangevoer in Naar de Letter 4 (1970: 62), moet mens aanvaar dat hulle nie sou kon naspeur dat rasse soos die cynocephali (mense met hondekoppe), die blemyae (mense sonder koppe met oë en ?n mond in die bors) en die sciapoden (mense met een voet wat hulle ook as ?n sambrel kon gebruik) versinsels uit die vierde eeu voor Christus was van die Griekse lyfarts van die Persiese koning nie; nog minder dat die brief aan Aristoteles waarin Alexander die Grote die bestaan van hierdie rasse bevestig het, ?n laat-antieke vervalsing was nie.

Tweedens is die vraag of mens redelikerwys sou kon verwag dat geleerde sonder meer die bona fides van hulle voorgangers of hulle tydgenote (gegee hulle eie gebrekkige empiriese kennis), in twyfel sou kon/wou trek. Gevolglik is die gegewe van die een bron na die ander oorgedra sodat die wet van die "bedrieglike bevestiging" intree ? die een outoriteit en bron dek as?t ware die gesag van die daaropvolgende een wat weer op die eerste steun ? ?n tipiese probleem waar oueurs aan mekaar ontleen en op mekaar se werk voortbou.

Soos verder aangevoer in Naar de Letter 4 (1970: 62), het hierdie wet ook deurgewerk indien oueurs die gegewe in een bron in twyfel sou trek. Indien dit by vergelyking met ander bronne sou blyk dat dieselfde gegewe deur die betrokke bron se voorgangers as synde waar aangegee is, dan sou so ?n oueur hom noodwendig by die waarheid van die gegewe geskaar het. Die feit dat die oueurs wedersyds van mekaar die gegewe oorgeneem het, en die moontlikheid dat enigeen van hulle dit uit ?n onbetroubare bron kon oorgeneem het, is moontlikhede wat in feite self nie geverifieer kon word nie.

Verankering in kulturele aksiomas

Aanvaar mens dat die wonderwesens van DNB in feite bestaan het, dan was hulle binne

die Christelike wetenskapsbeoefening deel van God se skepping en moes hulle, soos alle bestaande dinge, ondersoek word ten opsigte van wat hulle vir die mens oor God en sy heilsplan met die mens kon openbaar. Gegee dat daar aanvaar is dat God Hom in sy skepping openbaar en die feit dat die nie-bestaaende entiteit huis ook openbarend van God se heilsplan is (soos Van Maerlant dit in DNB skets), was dus verdere rede om te aanvaar dat die skepsels van DNB in feite moes bestaan het.

Agter bostaande redenasie lê daar komplekse vorme van afleidings en argumentasie wat berus op die wyse waarop die waarheid van sekere kultuurspesifieke aksiomas op die waarheid van die nie-bestaaende dinge betrek is. Huis deurdat hierdie verbande eksplisiet gelê is, is die waarheid en bestaan van hierdie onbestaande kategorieë ondersteun.

Die sentrale aanname in bostaande argument is dat God Hom of sy heilsplan met die mens in sy skepping openbaar. Hierdie stelling het die status van wat Palmer (1996: 105) ?n kultuurspesifieke aksioma noem ?n basiese uitgangspunt van ?n mens se kultuurrepresentasie wat (meestal) a priori die status van ?n waarheid het en as basis vir afleidings en as motivering vir handeling dien. Enige mens se kultuurbeeld (as kognitiewe konstruk) bestaan uit verskeie sulke aksiomas wat uitdrukking gee aan basiese aannames van ?n kultuurgroep oor die volle bestaan van ?n mens (sy sogenaamde "lewens- en wêrel"-beskouing). Dit sluit dus aksiomas in oor, byvoorbeeld, die mens, God, die heelal, moraliteit, estetika, emosies, sosiale gedrag, ens. (Palmer, 1996: 114). Soos Goodenough (sien Keesing, 1974: 77) aanvoer, definieer en dikteer so ?n kultuurbepaalde kennis-konstruk hoe mens met die wêrel moet omgaan en bowenal ook oor hoe jy die wêrel moet sien. Hy definieer so ?n kultuurkonstruk as:

A system of knowledge ? what it is one has to know or to believe in order to operate in a society. It is specific models for perceiving, relating, and otherwise interpreting material phenomena.... standards for deciding what is, ... for deciding what can be, ...for deciding what one feels about it, for deciding what to do about it, and ... for deciding how to go about doing it.

Wat in DNB ter sake is, is dat verskeie sulke Christelike lewens-en-wêreldbeskoulike aksiomas op die bestaan al dan nie van die vertelsels van DNB betrek word en dan ook in komplekse vorme van afleiding op basis van hierdie aksiomas. Van Maerlant stel alreeds in die Proloog van DNB ?n hele reeks van hierdie aksiomas aan bod as hy meld (DNB, Prologue, vr. 85 -100; Verwijs, 1878 [dl.1]: 4):

Wien so favelen dan vernoyen,
Ende onnutte loghene moyen,
Lese hier nutscap ende waer,
Ende versta, dat noyt een haer
Omme niet ne makede nature.
Hen es so onwaerde creature,
Si nes tenegher saken goet,
Want God, die boven al es vroet,
Dats te ghelovene meer no myn,
Dat hi yet makede zonder sin;
Noch ghene dinc maecte haer selven,
Noch die duvele, noch die elven
Ne makede creature nie.

Des willic dat elc besie,
Ende love God in allen saken,
Die wonderlijc es in sine maken.

("Wanneer verzonne verhalen u tegenstaan en loze-leugen praat u ergert, kunt u hier iets lezen wat zowel nuttig als waar is. U zult leren inzien dat ook het geringste onderdeel van die schepping door de Natuur niet zonderbedoeling werd gemaakt. Geen schepsel is zo onaansienlijk of het is wel van enig nut: het is immers ondenkbaar dat de alwijze God iets zou hebben geschapen zonder reden. Geen schepsel is ooit door duivels of boze geesten of door zichzelf geschapen. Het is mijn wens dat iedereen dit beseft en God, die wonderbaar is in Zijn schepping, verheerlijkt in Zijn werken. "; Burger 2002: 2.)

Sonder om hier volledigheid of presisie na te streef, is aksiomas en afleidings soos die onderstaande ter sake, en dit word ook op die nie-bestaaende entiteite betrek:

- Hierdie verskynsels bestaan.
- As hulle bestaan, is hulle deur God self geskape.
- As God hulle geskape het, dan het Hy hulle met ?n doel geskape (naamlik om Hom te verheerlik en om die mens na liggaam en siel tot nut te wees).
- God openbaar Hom (naas die Bybel) in sy skepping.
- Die skepping (self ?n "boek" van die natuur) kan dus vir die mens belangrike lesse oor God se heilsplan met die mens leer.
- Hierdie verskynsels is openbarend van God se heilsplan met die mens.

Gegee die tradisie van die bestiarium om die natuurverhaal met die sedeles te verbind, kom die toepassing van hierdie aksiomas en argumentasie veral ter sake in die moraliseringe waarvoor die nie-bestaaende entiteite dus gebruik is. Dit is juis in die sedelesse waar die band tussen die aksiomas met hulle onbetwistbare waarheidstatus en die nie-bestaaende entiteite gelê word sodat die twee ten nouste met mekaar verweef raak.

Een voorbeeld hiervan is die wyse waarop die voortplanting van ?n dier gekoppel is aan die leer van die partenogenese (d.i. dat manlike bevrugting nie noodsaklik vir voortplanting is nie), wat weer die leer van de maagdelike geboorte van Christus onderlê. Van die worm meld Van Maerlant dat vermis die gemeenskaplike naam van alle soorte worms is maar ook die naam van ?n besondere soort wat sonder smet of blaam uit die aarde ontstaan het ("Van der aerde wast hi allene"; DNB, Boek vii, vr. 1027; Verwijs, 1878 [dl.2]: 102) en as aas aan ?n hoek gesit word om visse mee te vang. As sodanig is die worm ?n simbool van die kind van Maria wat uit die Maagd gebore is sonder dat sy gemeenskap met ?n man gehad het (DNB, Boek vii, vr. 1030-1032; Verwijs, 1878 [dl.2]: 102):

Ende bediet der Maghede kint,
Die sonder ghemeenscep een twint
Van Marien waert gheboeren.

Die waarheid van die sentrale geloofsoortuiging/aksioma (die maagdelike geboorte van

Christus) dien dus hier as ondersteuning vir die waarheid van die kenmerk (partenogenese) wat aan die worm toegeskryf word. Andersom: gegee dat die Goddelike waarhede uit die natuur afgelei kan word, dien die kenmerk van die worms weer ter ondersteuning van die geloof in die maagdelike geboorte van Christus. Glo mens dus in die waarheid van die een, dan volg dit ook dat jy nie die waarheid van die ander in twyfel kan trek nie.

Burger (1990) se tipering van die wesens van DNB as "katholieke diere" vat hierdie verweefdheid goed saam: enersyds is die wesens en hulle kenmerke afspieëlings van (katholieke) geloofswaarhede; andersyds word hulle wese en kenmerke in terme van hierdie waarhede geïnterpreteer en deurgrond. Dieselfde sirkulariteit kom dus hier voor as wat bo aangetoon is ten opsigte van die manier waarop die Middeleeuwers hulle bronne van inligting hanteer het.

Die feit dat mense meestal nie én die waarheidswaarde van ?n aksioma kan aanvaar én terselfdertyd die waarheid van die manifestasie daarvan in die werklikheid kan verwerp nie, volg omdat dit kognitiewe dissonansie skep. Soos Fishbein, Von Haften en Appleyard (2001: 222-223) (met die nodige empiriese bewysvoering) aanvoer, sal die denke in gevalle waar sulke teenstrydighede voorkom, na weë soek om die dissonansie uit te skakel:

Given that people's knowledge of reality is often assumed to be represented in belief systems (i.e. interconnected, relatively coherent or consistent statements of likelihood or "truth"), many investigators have argued that such systems have an inherent drive to become more coherent (i.e. logically consistent), balanced and consonant... Thus, ..., the more a message or conclusion is "consistent" with a person's pre-existing belief system, the more likely it should be that the message will be accepted. This implies that, just as inferential beliefs are based on previously learned relationships or formal coding systems, similar processes are likely to be involved in the formation of informational beliefs. That is, acceptance of a belief advocated in a message may be based on the extent to which the belief is consistent with previously learned relationships or follows from rules of logic.

Populariteit, vertroudheid en verankering

?n Volgende moontlike verklaring vir waarom die Middeleeuwers aan die empiriese bestaan van die nie-bestaaande entiteite kon geglo het, sou mens kan gaan soek in die kognitiewe verskynsel dat vertroudheid met ?n kategorie die geloof in die bestaan (en waarheid) daarvan versterk. Twee vorme van hierdie verskynsel word hier verder geïllustreer, naamlik hoe vertroudheid met die verhale oor hierdie wonderbaarlike mense en diere en hulle eienskappe die geloof in hulle bestaan of die waarheid van hulle kenmerke versterk het en die wyse waarop hierdie kennis by die Middeleeuer se bestaande kennis geïntegreer is.

Die bestiaria was in die Middeleeue geweldig populêr en het ?n "alomteenwoordige" karakter gehad: Almal is blootgestel aan die verhale en die uitbeeldinge van die kategorieë waaroor die bestiaria (en ook DNB) dit gehad het. Soos opgemerk in Naar de Letter 4

(1970: 58-59):

Iedereen kende die vertelsels, iedereen verstand die symboliek. Men kom motieven uit het bestiarium tegen in die metaforen van lyrische gedichten, in de sculptuur van kapitelen en koorbanken, in preken en mystieke verhandelingen, op schilderijen, in die randversieringen van geïllumineerde handschriften, in die heraldiek, enz. Zwakke echo's van die indrukwekkende populariteit zijn ook in latere tijden hoorbaar. De tranen van de krokodil, de liefde van de apemoer, het zingen van de zwaan, de blindheid van de mol, en vele ander gegevens uit het bestiarium hebben stof geleverd voor zegswijzen....

Uit hierdie aanhaling sou mens kon aflei dat die kennis van die mense, diere en plante van die bestiaria reeds diep gewortel was in die kennistructuur van die Middeleeuwers. Hierdie kennis is voortdurend ook via verbale en visuele prikkels geaktiveer in verskillende aktiwiteite: tydens hulle deelname aan hulle rituele (byvoorbeeld bywoning van kerkdienste), met die lees van of by die aanhoor van die verhale van hulle tyd, by die jag, die hantering van 'n manuskrip, met die verbystap by 'n gebou, ens. Verdere bewys daarvoor is dat verwysings na hierdie verhale eers algemene verwysings geword het en later gekonvensionaliseerd geraak het in hulle idioomskat.

Die tweede punt is dat dit nie net om die verankering van feitelike gegewens oor die wesens en hulle kenmerke gegaan het nie, maar ewe so om 'n verankering van die emosies wat met die gegewe geassosieer is. Die resultaat is gevvolglik ryk beelde van die wesens van die bestiaria wat kognitief én emotief in die kennistructuur van die Middeleeuer veranker is.

Sowel Borges (2002) as Cohen (1992) voer aan dat die populariteit van die bestiaria ook toegeskryf kan word aan die feit dat hulle nie net verbasing en verwondering by die Middeleeuer uitgelok het nie, maar ook 'n groot mate van angs, soos wat die monsters van hedendaagse fiksie dit ook doen. Soos Cohen (1992: 53-54) aanvoer, aktiveer die kennismaking met monsters die vrystelling van adrenalien en die hunkering na hierdie ervaring bly mens by tot in jou volwassenheid: "We retain to some degree as adults a childish delight in being frightened, and monsters engender that feeling well" (Cohen, 1992: 54).

Friedman (1981: 24) bou voort op hierdie argument vir sover hy aanvoer dat die Pliniaanse monsterrasse voldoen het aan die wesentlik menslike behoefte aan fantasie, onvlugting en die mens se vrees vir die onbekende:

...there appears to have been a psychological need for the Plinian peoples. Their appeal to medieval men was based on such factors as fantasy, escapism, delight in the exercise of the imagination, and ? very important ? fear of the unknown. If the monstrous races had not existed, it is likely that people would have created them.

Verskeie van die monsters in DNB vertoon dan ook die algemene kenmerke van die monsters van die Middeleeue: abnormaliteit, geværlikheid en oordrywing (Cohen, 1992: 48) ? al drie kenmerke wat juis vrees by die mens ingeboesem het, seker te meer nog as verskeie van hierdie diere as mensvreters voorgehou is. 'n Opvallende kenmerk van

DNB, byvoorbeeld, is hoe dikwels hierdie vreemde wesens as afskrikwekkend en angsinboesemend beskryf word; byvoorbeeld: Die capelus word beskryf as ?n kwaadaardig, woeste en gevvaarlike dier, so afskrikwekkend dat geen jagter dit naby hom sou waag nie (DNB, Boek ii, vr. 901-928; Verwijs, 1878 [dl.1]: 55-56).

Wat bestiaria soos DNB egter wel doen, is om verskeie van die vreemde en monsteragtige diere ? en dan veral dié uit die klassieke tradisie ? geografies te gaan plaas in die verre Ooste sodat die kans op werklike kontak met hulle klein was. Binne die veiligheid van hierdie wete, kon die Middeleeuwers dus met hulle eie beelde en emosionele belewenisse met hierdie monsters omgaan. (Sien ook Cohen, 1992: 54 en Friedman, 1981: 37-58 oor die geografiese plasing van die monsterrasse.)

Die vraag is egter hoe hierdie vertroudheid met en voortdurende aktivering van die wesens van die bestiaria met die geloof in hulle werklik bestaan skakel. Johnson (1991) bied een verklaring op grond van eksperimente wat aantoon dat beelde/kennis wat reeds in die geheue veranker is en baie maklik geaktiveer kan word, ook die moeilikste is om van die waargenome werklikheid te onderskei.

Palmer (1996: 50-51) gebruik hierdie bevinding as verklaring vir mense se geloof in die bestaan van empiries nie-bestaaande dinge, soos die kategorieë en konsepte van die godsdiens, mitologie en politieke ideologieë. Sy argument is eerstens dat as sulke beelde eers kultuurspesifiek geïnterpreteer, in ?n groep se kennisstruktuur veranker is en dikwels en later moeiteloos geaktiveer word, dan kan hulle ook moeilik van die empiriese werklikheid geskei/onderskei word. Hoe groter die gemak waarmee sulke gedetailleerde beelde ge-aktiveer kan word, des te meer word die indruk van hulle werklike bestaan versterk.

Sy tweede argument is dat dit ook ?n verklaring bied vir waarom rituele en openbare gebeure en die gebruik van simbole so van belang is vir geloofstelsels met kategorieë en konsepte sonder empiriese begronding (soos, byvoorbeeld, die godsdiens, mitologie en politieke ideologieë)(Palmer, 1996: 50):

By dramatizing, evoking, and reinforcing highly detailed images, rituals make it easier for their participants to generate that imagery and correspondingly more difficult to separate it from perceptual experience.

Verskeie navorsers het egter ook al aangevoer dat hierdie diere en mense nie uitsluitlik kategorieë aan die Middeleeuse denke was nie, maar hulle basis in die empirie kon gehad het. (Sien byvoorbeeld Friedman, 1981: 24-25 oor die herkoms van die monsterrasse en Van der Voort, 1994, 2000 en 2003 oor die toegeskreve kenmerke van slange.) Tussen waarneming en uiteindelike verbeelding in tekste en oorlewerings, so lui die argument, het daar egter ?n proses van (verbeeldingryke) vertekening van die gegewe plaasgevind, soms as gevolg van kopieerfoute in handskrifte en verkeerde interpretasies van bronstekste, ander kere as gevolg van die Middeleeuer se beperkte of soms foutiewe waarneming (sien ook Clair, 1967: 11-26). Die vertekeningsprosesse wat hier ter sake is, gee mens egter ook ?n beeld van hoe die mens as opportunistiese betekenisskepper sin maak van wat hy (binne sy beperkte waarnemingsvermoë) voor hande het. So, byvoorbeeld, is daar geglo dat vlooie uit stof en paddas uit reëndrappels gebore word ? oortuigings wat die resultaat is van ?n proses van assosiasie van dier en habitat en van dier en verskyningstyd.

Grensoorskrydings en die inbedding van kategorieë van niebestaande dinge

Die laaste kognitiewe verklaring vir die geloof in die wesens van die bestiaria wat hier aangebied word, sluit aan by en bou voort op die voorgaande. Die verklaring steun op die aanname dat in die uitbeelding van die denkbeeldige wesens van die bestiaria, hulle skeppers hulle nie as só volkome afwykend geskets het dat hulle as ?n baie spesiale en aparte kategorie in die kennisstelsel van die Middeleeuer gemerk moes word nie.

Soos bo aangetoon, voer Cohen (1992: 48) aan dat drie kenmerke van die monsters van die bestiaria by die Middeleeuers vrees ingeboesem het: hulle abnormaliteit, gevvaarlikheid en die oordrywing waarmee die wesens geskets is. Aan die anderkant meld Borges (2002: 14) in die voorwoord tot sy moderne bestiarium, *The book of imaginary beings*, dat dit egter ook opvallend is hoe "gewoon" hierdie mensgeskepte monsters daar uitsien as mens hulle vergelyk met wat in die verbeelding moontlik is of met wat in feite in die natuur voorkom:

Let us pass now from the zoo of reality to the zoo of the mythologies, to the zoo whose denizens are not lions but sphinxes and griffons and centaurs. The population of this second zoo should exceed by far the population of the first, since a monster is no more than a combination of the parts of real beings, and the possibilities of permutation border on the infinite. In the centaur, the horse and man are blended; in the Minotaur, the bull and man...; and in this way it seems we could evolve endless variety of monsters ? combinations of fishes, birds, and reptiles, limited only by our own boredom or disgust. This, however, does not happen; our monsters would be stillborn, thank God.

Verder meld hy dat van die monsters wat outeurs soos Flaubert geskep het as aanvulling op die Middeleeuse en sommige klassieke monsters, skaars ons verbeelding roer. Dit in teenstelling met sommige van die monsters wat aan ons oorgelewer is, soos die draak ? dié roer ons verbeelding én voldoen aan ?n bepaalde universele behoefté, sonder dat ons presies kan sê waarom (Borges, 2002: 14):

We are as ignorant of the meaning of the dragon as we are of the meaning of the universe, but there is something in the dragon?s image that appeals to the human imagination, and so we find the dragon in quite distinct places and times. It is, so to speak, a necessary monster, not an ephemeral or accidental one, such as the three-headed chimera or the catoblepas.

Van belang vir die bespreking hier, is enersyds die feit dat ten spyte van al die morfologiese variasies wat die klassieke monsters van die bestiaria sou kon aanneem, hulle versien is as wesens wat bestaan uit kategorieë waarmee die Middeleeuer goed vertroud was en wat in feite (ook vir die Middeleeuers) empiriese bestaan gehad het. Naas die mens, het dit gegaan om veral hibridiese vorme waarin die mens met bekende diere soos die bok, perd of bul gekombineer is; in die geval van ander hibridiese diere, om kombinasies van dele van bekende en bestaande diere. Dit gaan dus enersyds om skepsels waarmee die verbeelding goed kon omgaan vanweë die vertroudheid met die bestaande

kategorieë. Andersyds skep elke nuwe kombinasie van bestaande kategorieë 'n afwykende kategorie binne die natuurlike orde van dinge. En dit is juis hierdie soort afwykende kategorie wat én bewondering én angs by die mens genereer.

Teenoor bostaande kategorieë is daar egter ook dié met ?n meer unieke karakter, soos die draak, wat vanweë die besondere eienskappe daarvan ?n universele aanslag gekry het. Soos Borges egter hier bo opmerk, is dit moeilik om presies vas te pen watter besondere stel kenmerke van ?n denkbeeldige wese hom/haar hierdie universele aanslag gee. ?n Ontleding van die kenmerke van die draak toon egter dat dit onder die kategorie diere die grootste was en daarom analog aan die reus onder die kategorie mense. As sodanig, sou mens na analogie van Cohen (1992) kon aanvoer, is die draak die dierlike prototipe van die reus en dat dit dieselfde soort emosionele reaksie by die Middeleeuer ontlok het ? ?n reaksie wat die ander klassieke fabeldiere waarskynlik nie kon doen nie (Cohen 1992: 48. Sien ook Claire 1967: 176-188 se ontleding van die draakmite):

Fear and envy, attraction and repulsion, prohibition and liberation, "Other" and "Us" ? these contradictions characterize the reception not only of the monster called the giant, but of nearly all monsters.

Die resep vir die skep van ?n aanvaarbare monster blyk dan te wees dat so ?n wese wat die morfologie daarvan betref, aan die bekende moet grens of in ?n bekende gegewe geanker moet wees en/of die regte soort emosionele reaksie by die leser moet kan ontlok.

Kognitief gesien, is die meer interessante vrae miskien eerder (i) presies hoe hierdie wesens in terme van hulle morfologiese en ander kenmerke verbaal en visueel aan die Middeleeuse leser in die bestiaria voorgehou is, en (ii) hoe die Middeleeuer hierdie nie-bestaande diere, en in die besonder die hibriede mensdiervorme en dier-diervorme binne hulle breër klassifikasie van God, mens en dier geïntegreer het.

?n Ontleding van die kenmerke in terme waarvan empiries bestaande diere en die nie-bestaande klassieke diere in die verskillende ensiklopediese inskrywings van DNB uitgebeeld is, toon dat hulle grotendeels binne dieselfde konseptuele skema met spesifieke kenmerke ingepas is. Tabel 1 gee ?n opsomming van die kenmerke in terme waarvan die kategorie DIER beskryf is; tabel 2 toon hoe die kenmerkstelsel in die beskrywing van ?n bestaande dier toegepas is; tabel 3 hoe dit in die beskrywing van ?n nie-bestaande dier toegepas is.

Tabel 1: Kenmerkmatrys vir die beskrywing van bestaande en niebestaande diere in DNB

Kenmerkmatrys:

1. Naamgewing (Latyn/Nederlandse ekwivalente)(en etimologie) (verdietsing; verklarende volksetimologie)
2. Morfologiese, en veral uitsonderlike fisiese kenmerke
3. Habitat (soms verbind met die OT-kaart/Mappa mundi)
4. Gedrag en karaktertrekke

Stapelvoedsel/vreetgewoontes
Voortplanting
Optrede teen natuurlike vyande
Karaktereienskappe/emosies

5. Funksionele nut vir die mens

As bron van voedsel
Medisinale gebruik (Gekoppel aan die leer van die temperamente van Hippokrates en Galenus)
Metodes om die dier te jag
Ander gebruikte (bv. klere/versiering)

6. Simbolies-morele waarde

Samelewingskritiek (adel en geestelikes)
Sedeleer

7. Ondersteunende inligting

Bronne van inligting
Bespiegelinge oor empiriese geldigheid/geloofwaardigheid van die materiaal
Ondersteunende aannames uit die Christelike kultuurmodel (bou en ordening van die heelal: geografie, fisika, fisiese en geestelike kosmologie, bv. leer van spontane generasie en partenogenese)

8. Illustrasies

Tabel 2: Kenmerkmatrys vir die beskrywing van ?n bestaande dier in DNB (na die Nederlandse vertaling van Burger, 2002: 60)

Trefwoord	Wezel (muishond)
Nederlandse ekwivalent	- Mustela kennen wij als de wezel,
Karaktertrek	- een sluw roofdier
Gedragskenmerk	- dat zijn jongen voortdurend van de ene plaats naar de andere draagt om te voorkomen dat ze ontdekt worden.

Habitat	- Wezels wonen in holen.
Voedsel	- Ze vangen slangen en muizen.
Beskerming	- Wanneer ze een slang aanvallen, dragen ze wilde ruit voor zich uit om het gif te verdrijven.
Instinktiewe kennis	- Wezels beschikken van nature over kennis van medicijnen. Als de wezel zijn jongen dood vindt, haalt hij een bepaald kruid dat ze weer tot leven wekt.
Stapelvoedsel	- Wezels loeren op slangen en muizen.
Habitat	- Op het eiland Pordoselene leven geen wezels.
Natuurlike vyand	- Solinus heeft beschreven dat de wezel zelf sterft korte tijd nadat hij de basilisk, die mensen doodt met zijn blik en alle dieren met zijn adem, heeft doodgebeten.
Medisinale gebruik	- De gal van de wezel is naar men zegt een middel tegen het gif van de asopis.
Indikasie	
Voorbereiding	- Het boek Koiranides, dat de oude wijsheid bevat, zegt dat men een wezel moet doden en koken in olijfolie, tot hij volledig verteerd is. Pers vervolgens de olie door een doek.
Eindprodukt/ Aanwending/	- De kostbare zalf die nu ontstaan is, is goed tegen jicht, voor de zenuwen en tegen voetkwalen.

Tabel 3: Kenmerkmatrys vir die beskrywing van ?n nie-bestaaende dier in DNB (na die Nederlandse vertaling van Burger, 2002: 71)

Trefwoord	Griffioen
Nederlandse benaming	De grifis of griffioen
Bron/outoriteit	is volgens Jacobus van Vitry
Kenmerk	een angstaanjagende vogel.
Morfologie:	
Grootte	Griffioenen zijn zo groot dat ze gewapende mannen kunnen doden.
Morfologie: pote	Hun klauwen kunnen ? net als hoorns ? gebruikt worden als drinkbeker.
Habitat	Deze vogels komen voor in Skythia, een gebied niet ver van India,
Gedrag	waar ze op een ontoegankelijke plaats goud en edelstenen bewaken. Mensen dringen er zelden door, want zodra deze monstervogels een mens zien, storten ze zich op hem en doden ze hem,
Moralisering	als waren zij door God geschapen tot bestrafning van de hebzucht.

Monsterras/ vyand	Er leef in dat land een volk van eenogen, de Arimaspi, die de grifioenen bevechten en hun smaragden ontroven die ze bewaken en die daar meer waard zijn dan alle andere edelstenen.
Outoriteit	Wie dit na wil lezen kan het beschreven vinden in de Glosse op de boeken van Mozes:
Morfologie	grifioenen zijn vogels met vier poten en met de vleugels en kop van een arend, maar zo veel groter dan arenden dat hun voorkomen elke beschrijving tart. Van achteren lijken ze op leeuwen.
Habitat	Monsters zoals deze komen naar verluidt veel voor in de bergen van Hyperborea.
Natuurlike vyande	Ze haten paarden en mensen.
Outoriteit/ gedrag	Experimentator zegt dat grifioenen een agaatsteen in hun nest leggen, vanzelfsprekend omdat zij daar profijt van hebben.
Moralisering	Het kan niet ontkend worden dat God deze steen heeft geschapen en hem kracht heeft gegeven tot heil van de mensheid.

Die feit dat DNB sowel die bestaande as die nie-bestaaande wesens deur dieselfde kognitiewe lens bekyk, sou mens tot die hipotese kon lei dat dit tot 'n verdere versterking van die geloof in die bestaan van die nie-bestaaende wesens aanleiding moes gee. Die kernpunt is egter dat die Middeleeuer in sy kennisstruktuur nie spesiaal voorsiening moes maak vir die beskrywing en kategorisering van die niebestaande diere nie ? hulle kon in terme van bestaande en bekende kenmerksisteme kognitief deurgrond word.

Dieselde geld die manier waarop die nie-bestaaende diere in die omvattender skema van die wesens van die heelal ingepas is. Die kategorisering van die "ondermaanse" kategorieë in DNB stem byvoorbeeld in die breë ooreen met wat outeurs soos Lewis (1996), Lakoff

en Turner (1994: 166 e.v.) en Stoffers (1994) as die Christelik Wes-Europese skematisering van die heelal aangee:

Tabel 4: Die Christelik Wes-Europese skematisering van die heelal (Lakoff en Turner, 1994: 166)

SKEMATISERING VAN DIE HEELAL	KATEGORIE-INDELING IN DNB HEELAL
---	---

GOD

(Die eerste oorsaak van alles)

MENS

[+lewend,+beweging,+sintuiglike
waarneming,+rede]
[-siel]

Normale mens [+siel];
afwykende kategorieë

HÖER-ORDE EN LAE- ORDE DIERE

[+lewend,+beweging,+sintuiglike
waarneming]

Viervoetige diere; voëls,
watermonsters, visse, slange,
insekte

PLANTE

[+lewend,+beweging]

Gewone bome, speserybome,
geneeskragtige plante

GROND

Die algemene werkwyse is om die nie-bestaaande kategorieë by die bestaandes te integreer; byvoorbeeld: in die kategorie viervoertige diere is die nie-bestaaande diere, soos die bonacus, capelus, cateblepas en chimaera gerangskik tussen die bestaande en bekende diere, soos die aap, beer, bewer, haas en hond. Nie-be-staande en bestaande kategorieë word dus, in ooreenstemming met die geloof in die bestaan van die nie-bestaaande diere, oor dieselfde kam geskeer.

Wat die kategorisering van die verskillende bestaande en nie-bestaaende wesens in omvatter kategorieë betref, het verskeie navorsers al aangetoon dat verskillende klassifikasiebeginsels in etnobiologiese nomenklature voorkom: klassieke kategorisering, kategorisering op grond van familieverwantskap, assosiasie, ens. (sien Palmer, 1996 vir 'n uitgebreide bespreking). Aangesien daar onder die nie-bestaaende wesens ook verskeie hibridiese vorme (bv. half-mens, half-dier; of saamgestelde diere) voorkom, is die vraag natuurlik waar hulle in die onderskeie kategorieë in die Christelike Europese skema bo ingepas moes word en op watter gronde.

Dat Van Maerlant (in navolging van Thomas) ook ten opsigte van DNB met hierdie vrae oor die kategorisering van die bestaande en nie-bestaaende kategorieë gekonfronteer is, blyk reeds vroeg in sy bespreking van die kategorie WONDERBAARLIKE VOLKERE binne die oorkoepelende kategorie DIE MENS. Die sater, wat baie soos 'n mens lyk, maar bokhorings en bokkloutjies vir voete het, lewer al klaar so 'n kategoriseringsprobleem op. Vir Van Maerlant is die vraag: Waar pas die sater in: By die kategorie DIERE, of by die kategorie MENSE? Hy plaas hom onder die subkategorie "afwykende volkere", en wel op grond van die feit dat die sater nie soos die mens van Adam afstam nie en ook dus nie 'n onsterlike siel het nie.

Die besit van 'n onsterlike siel lyk dus na 'n soort essensiële kenmerk op grond waarvan die normale mens van die afwykende volkere onderskei is. Wat die res betref, is die uitstaande kenmerk van die kategorie afwykende volkere dat hulle ten opsigte van een of ander kenmerk van normale mense afwyk: liggaamlik, ten opsigte van genderrolle, sosiale gebruik, erkenning van en geloof in God, ens. (Sien in hierdie verband Friedman [1981] vir 'n uitgebreide bespreking van hoe normaal en afwykend in die klassieke en Christelike lewens- en wêreldbeskouing gedefineer is.)

Die voorlopige indruk wat mens dus kry, is dat daar vir die kategorie MENS 'n soos vir die ander kategorieë in die skema 'n stel breë kenmerke geïdentifiseer is en dat die normale mens as prototipe dien met vaste, maar kultuur-spesifieke waardes vir elkeen van hierdie kenmerke. Ander lede, soos die afwykende/niebestaaende volkere word dan by hierdie kategorie geassimileer in die mate wat hulle ook hierdie kenmerke vertoon, maar met bepaalde grense. Al is die seehert, seemonnik, seeridder en seestier voorgestel as synde halfmens-halfvis, woon hulle anders as mense, in die see en stem vormlik ooreen met die visse, nie mense nie. Gevolglik is hulle ingedeel by die kategorie MONSTERVISSE.

Dit vra egter om nadere navorsing om meer duidelike antwoorde te probeer gee op watter klassifiseringsbeginsels hier geld. Uit die kenmerk-analise bo (sien Tabel 1 tot 3), blyk

egter ook dat die integriteit van ?n kategorie in terme van die lede wat daarby ingesluit word, in stand gehou is deurdat al die lede in terme van dieselfde kenmerke ontleed word. Maar binne die kategorie is daar aansienlike variasie vir sover die verskillende diere aansienlike variasie ten opsigte van elke kenmerk kan vertoon. Gelyksoortige behandeling van bestaande en nie-bestaaende kategorieë in terme van dieselfde oorkoepelende kenmerke (maar met voorsiening van variasie ten opsigte van elke kenmerk) lyk dus na ?n (nood-) oplossing. Die eindeffek is egter dat ook die nie-bestaaende kategorieë soos die bestaandes en vertroudes hanteer is en daarom is die skyn van die bestaan van die nie-bestaaandes verhoog.

Om én die bestaande én die nie-bestaaende diere oor dieselfde kam te skeer, is ook deurgevoer in die wyse waarop Van Maerlant sy geloof in die leer van die natuurlike orde toegepas het, veral as dit by seksuele gedrag gekom het. Volgens Van Maerlant het die Bybel geleer dat die slechte mans in die dae voor die sondvloed teen die Natuur in gehandel het deur hulle vrouens bo te laat lê terwyl hulle self onder gelê het. Hiermee is die natuurlike orde letterlik omgekeer, en hierdie vergryp kon nie ongestraf gelaat word nie. Verder laat die Natuur ook nie toe dat wellus die grense van die natuurlike oorskry nie en mens en dier word by sulke oorskrydings met ?n vroeë dood gestraf, en dit geld in DNB vir sowel die mens as die furions (Burger, 1990: 124).

Slotsom

Die moderne mens het ook sy wonderlike en afgryswekkende skepsels, daarvan getuig helde soos Superman, Tarzan, Shrek en die vele tegno-totemistiese monsters wat die wêreld van die genre van wetenskapsfiksie bevolk. Die verskil tussen die mens van vandag en die Middeleeuer, so word somtyds aangevoer, is dat ons egter tussen fiksie en feit kan onderskei. Sulke monsters of denkbeeldige wesens hoort veilig in die wêreld van die letterkunde of die rolprentteater. Maar, soos reeds aangedui in Palmer (1996) se aanhaling hierbo, is die verskynsel dat mense in die bestaan van dinge kan glo al is daar geen direkte empiriese bewyse daarvoor voor hande nie ?n universele en tydlose verskynsel. Vrae oor die bestaan al dan nie van die siel, God, die hemel en die hel, byvoorbeeld, word vandag nog gevra en verskeie nie-empiriese bewyse vir die bestaan al dan nie van hierdie konstrukte aangevoer.

Mense glo vandag nog met passie aan die bestaan van hulle selfgeskepte denkbeelde, al maak hulle die aanspraak dat hulle tussen empiriese feit en suiwer denkbeeld kan onderskei. Umberto Eco satiriseer hierdie aanname en mense se lig-gelowigheid op treffende wyse in sy roman Baudilino. Daarvoor gebruik hy juis niks anders nie as die Middeleeuse gegewe van die Heilige Graal en die koninkryk van Priester Jan wat bevolk is met al die wonderbaarlike en monster-agtige wesens wat Jacob van Maerlant so treffend in Der naturen bloeme as empiriese feite voorgehou het.

Wat die kognitiewe benadering tot hierdie verskynsel laat sien, is dat ons denke ons parte speel en baie maklik ons lig-gelowigheid uitbuit om ons te laat sien en te laat glo in wat nie empiries bestaan nie.

Bibliografie

- Borges, J. L. 2002. *The book of imaginary beings*. Londen: Vintage.
- Burger, P. 1990. De schepping voor leken verklaard door Jacob van Maerlant. *Literatuur*, 7(2): 66-73.
- Clair, C. 1967. *Unnatural history. An illustrated bestiary*. New York, Toronto: Abelard-Schuman.
- Cohen, J.J. 1992. The use of monsters in the Middel Ages. *Journal of the Spanish Society of Medieval English Language and Literature*, 2: 47-69.
- Eco, Umberto. 2000. *Baudilino*. Londen: Secker & Warburg.
- Fishbein, M. & I. Ajzen. 1975. *Belief, attitude, intention, and behaviour: An introduction to theory and research*. Reading, MA.: Addison-Wesley.
- Fishbein, M., I. von Haften, & J. Appleyard. 2001. The role of theory in developing effective interventions: Implications from PROJECT SAFER. *Psychology, Health & Medicine*, 6(2): 223-238.
- Friedman, J.B. 1981. *The monstrous races in Medieval art and thought*. Cambridge, Massachusetts: Harvard University Press.
- Keesing, R.M. 1974. Theories of culture. *Annual Review of Anthropology*, 3: 73-97.
- Lakoff, G. & M. Turner. 1989. *More than cool reason. A field guide to poetic metaphor*. Chicago: Chicago University Press.
- Lewis, C.S. 1996. *The discarded image. Studies in Medieval and Renaissance literature*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Matthey, I. & M. Stoffers. 1994. *De middeleeuwse ideeënwereld, 1000-1300*. Werkboek. Heerlen: Open Universiteit.
- Naar de Letter 4. 1970. *Tentoonstellingscatalogus. Jacob van Maerlant's Der Naturen Bloeme*. Utrecht.
- Nischik, T-M. 1986. *Das volksprachliche Naturbuch im späten Mittelalter; Sachkunde und Dinginterpretation bei Jacob van Maerlant und Konrad von Megenberg*. Tübingen: Max Niemeyer Verlag.
- Palmer, G.B. 1996. *Toward a theory of cultural linguistics*. Austin: University of Texas Press.
- Shore, B. 1996. *Culture in mind. Cognition, culture, and the problem of meaning*. New York/Oxford: Oxford University Press.
- Stoffers, M. (red.). 1994. *De middeleeuwse ideeënwereld, 1000-1300*. Heerlen: Open

Universiteit.

Stoffers, M. 1994. Introductie. In: Stoffers (red.). 1994: 9-27.

Vanderjagt, A. 1994. Categorieën van het denken. In: Stoffers (red.). 1994: 65- 92.

Van der Voort, M. 1994. Ene scalc int belesen. Litteratura Serpentium, 14. Beskikbaar aanlyn: <http://home.wanadoo.nl/mjm.vandervoort/>.

Van der Voort, M. 2000. Gif bestaat alleen maar in de verbeelding van de adder.

Litteratura Serpentium, 20. Beskikbaar aanlyn:
<http://home.wanadoo.nl/mjm.vandervoort/>.

Van der Voort, M. 2003. De rondcirkelende slang. Litteratura Serpentium, 23.

Beskikbaar aanlyn: <http://home.wanadoo.nl/mjm.vandervoort/>.

Van Maerlant, J. 2002. Het boek der natuur. Samenstelling en vertaling deur Peter Burger.
Beskikbaar aanlyn:http://www.DNBI.org/tekst/maer002dern01_02.

Van Oostrom, F. 1996. Maerlants wereld. Literatuur en leven in de middeleeuwse Nederlanden. Amsterdam: Prometheus.

Verwijs, E. 1878. Jacob van Maerlant's Naturen bloeme. Deel 1 en Deel 2. Groningen: Wolters.

(1) Die navorsing vir hierdie artikel is moontlik gemaak deur die finansiële ondersteuning van die Noordelike Kennisnetwerk vir Nederlandistiek, die Nederlandse Taalunie en die Universiteit van Suid-Afrika. My dank aan die Scaliger Instituut van die Universiteit van Leiden vir die geleentheid om te kon deelneem aan die werkswinkel oor "Het boek der natuur" (Leiden, Januarie 2004).

[Elektroniese weergawes van
T.N&A](#)

[Kontaknommers](#)

[Algemeen](#)

[Riglyne vir
outeurs](#)

[Bo](#)

Travestie en gay identiteit in Volmink (1981) van Hennie Aucamp

- Andries Visagie -

Abstract

With his volume of short stories, Volmink (1981), Hennie Aucamp became the first Afrikaans writer to reflect on the implications of the identity construction promoted by the gay liberation movement since the 1960s. It is Aucamp's conviction that gay writing should not restrict itself to the world of homoeroticism; gay writers should also devote themselves to an exploration of the human condition. Through a critical reading of the story "La Divina en die cowboy" from Volmink, this article examines Aucamp's views on identity. For La Divina her identity as a drag queen is a deliberate and spectacular performance. Her selfconscious staging of a feminine identity becomes a parody of the artificiality of all gender identities. As Judith Butler (1993) has demonstrated, hegemonic heterosexuality is also characterised by constant and repeated efforts to imitate its own idealised images through practices of the body. In spite of her affiliation with the gay subculture and her hyperfeminine identity, La Divina in Aucamp's story appropriates the violent practices of a totalising masculinity when she seduces and stabs a "cowboy" during sexual intercourse. Through La Divina Aucamp expresses his scepticism of identity practices and questions the merits of identity construction as a suitable strategy for the emancipation of homosexuals.

Homoseksualiteit is reeds sedert die publikasie in 1897 van die verhaal "Di twe frinde" deur ene Amant in Ons klyntji (vergelyk De Lange, 1997: 10) 'n deurlopende tematiese belangstelling in die Afrikaanse literatuur. Ander vroeër tekste met 'n sterk fokus op die homoseksuele subjek is Johannes Meintjes se kortverhaalbundel Kamerade (1947) en Roy Niemann se roman Atlantis! Atlantis! (1975). Hierdie tekste is geskryf in 'n periode in die geskiedenis toe homoseksuele praktyke kriminelle oortredings was. Die homoseksuele subkultuur is ondergronds gedwing deur die onverdraagsaamheid van die Suid-Afrikaanse samelewing en ook die representasies van homoseksualiteit in die literatuur is gekenmerk deur verdoeseling en apologie.

In die ouer literatuur is die dood dikwels die enigste uitweg vir die homoseksueel uit sy verbode liefde. In "Di twe frinde" kwyn Roland weg van verdriet na die verlies van Piet se "vriendskap" en in "Die redder" uit I.D. du Plessis se kortverhaalbundel Gevreesde vriend

(1946) bied die giftige slang wat Jan pik na die verlies van sy vriend vir hom "redding" uit sy smart (Aucamp, 1990a: 15-16). In "Die redder" vind Du Plessis dit nie meer soos Amant nodig om die aard van die verhouding tussen Jan en Henri te maskeer of te verdoesel nie. Trouens, die verteller betreur saam met Jan die feit dat hy in die heteroseksistiese samelewing altyd ?n masker moet dra om sy ware seksuele oriëntasie weg te steek. Die Suid- Afrikaanse samelewing (in teenstelling tot die verdraagsame Parys waar Jan vir Henri leer ken het) duld egter nie die homoseksuele liefde nie en die dood is die enigste uitkoms vir mans wat hulle nie met die heteroseksuele hegemoniese manlikheid kan assosieer nie.

In die jare tagtig het die Afrikaanse gay literatuur ?n vernuwing belewe. Volgens Hennie Aucamp het die gay tema met die werk van die Sestigers weliswaar sy beslag in Afrikaans gevind, maar in die jare tagtig het die gay verhaal "blatant mondig geword ? en soms luidrugtig onboetvaardig" (Aucamp, 1990a: 19, vergelyk ook De Lange, 1997: 7). Die verhulling en verestetisering wat die gay literatuur voor 1980 gekenmerk het, is laat vaar in reaksie op die groter openbare verdraagsaamheid oor homoseksualiteit. In die Afrikaanse gay literatuur het die aandag in die jare negentig merkbaar verskuif van literatuur wat die integrasie en aanvaarding van gays by die breër samelewing bepleit na ?n meer fundamentele en strydvaardige uitdaging van die dominante heteroseksistiese identiteitskonstruksies wat homoseksualiteit uitsluit of marginaliseer. Hierdie ontwikkeling in die Afrikaanse literatuur is onder andere geïnspireer deur die werk van Michel Foucault, spesifiek sy invloedryke boek *The History of Sexuality* (1978) waarin hy ?n uitdaging rig tot heersende konsepsies van subjektiviteit en identiteit. In die Afrikaanse gay literatuur het die volgende spanning sigbaar geword in die jare negentig: skrywers is enersyds steeds aangetrokke tot die mobilisering van homoseksuele rondom ?n gay identiteit ter wille van groter emansipasie; andersyds is hulle skepties oor identiteit en subjektiviteit wat histories ingebed is in die volgehoue handhawing van normatiewe heteroseksualiteit.

Hennie Aucamp se gay tekste verskil van die werk van Koos Prinsloo en Johann de Lange in dié opsig dat hy sy verhale oor homoseksualiteit selde wy aan ?n eksklusieve en indringende besinring oor gay of manlike subjektiviteit. Aucamp se Volmink (1981) is egter een van die eerste tekste in Afrikaans wat in gesprek tree met die gay beweging se energieke konstruksie en toe-eiening van ?n geëmansipeerde gay identiteit sedert die jare sestig. Johann de Lange (1997: 7-8) het gelyk wanneer hy daarop wys dat die waterskeiding in die gay verhaal in die jare tagtig saamgeval het met die verskyning van Volmink: "In verhale soos 'La Divina en die cowboy' asook 'Vir vier stemme'" het Aucamp afgesien van die bedekte aanslag, en in verhale wat daarna gepubliseer is, het skrywers hulle nie langer van verdoeselingstegnieke bedien nie." Kort na die verskyning van Volmink debuteer Koos Prinsloo met die invloedryke Jonkmanskas (1982) wat verdere stukrag aan die groeiende gay literatuur in Afrikaans gegee het.

1. Travestie in Volmink van Hennie Aucamp

Aucamp se werk kan beskou word as ?n oorgang tussen die ouer gay literatuur wat pleit vir aanvaarding en toleransie ? I.D. du Plessis se *Vreemde liefde* (1937) is hier ?n eksemplarieuse teks ? en die uitdagende gay tekste van die jare negentig waarin seksuele

taboos aangegryp word om subjektiwiteit aan ?n indringende vraagstelling te onderwerp. Hoewel Aucamp veral sedert die jare negentig nie huiwer om eksplisiete homoërotiese tekste te skryf nie, keer hy ook soms terug na die verdoeselingstrategieë waarvan gay skrywers hulle noodgedwonge moes bedien voor die emansipasie van homoseksuele wat in die jare sestig op dreef gekom het (vergelyk Aucamp, 1990a: 12 en Aucamp, 2002b). Sy sonnet "Die woestynheilige" uit Hittegolf (2002a: 47) kan byvoorbeeld as ?n sadomasochistiese gay gedig gelees word indien die verskuilde gay sensibiliteit in die teks gedekodeer word. Veral sedert die jare negentig word Aucamp nie meer deur omstandighede genoop om van verdoeselingstegnieke in sy homoërotiese tekste gebruik te maak nie, maar in sy selfvertroue as ?n bevryde gay skrywer beskou hy dit klaarblyklik as sy prerogatief om naas openlike homoërotiese tekste ook hulde te bring aan die skryfpraktyk wat gay subjektiwiteit slegs deur suggestie en verdoeseling tot uitdrukking kon bring (Visagie, 2004).

Die bogenoemde stelling dat Aucamp ?n oorgangsfiguur in die Afrikaanse gay literatuur is, hou verband met Aucamp (2003a: 192, 1994a: 29 en 1996: 8) se oortuiging dat tekste oor homoseksualiteit ook kommentaar moet lewer oor aspekte van die menslike bestaan wat nie beperk is tot die wêreld van die homoërotiek nie. Aucamp (2003a: 192) is bewus daarvan dat sy kabaretgehore en lesers grotendeels heteroseksueel is en dat hy daarom in sy representasie van homoseksualiteit rekening moet hou met die verwagtinge van sy (lees)publiek. Die toegewings wat Aucamp aan sy heteroseksuele leser maak, herinner onwillekeurig aan die periode voor Sestig toe gay skrywers selfsensuur moes toepas in hulle verkenning van gay subjektiwiteit om voorsiening te maak vir die konserwatiewe en onverdraagsame sienings van die oorwegend heteroseksuele samelewing oor homoseksualiteit. Trouens, skrywers soos Joan Hambidge en Johann de Lange is van mening dat gay skrywers in die een-en-twintigste eeu steeds te kampe het met die vooroordele van die heteroseksistiese samelewing. De Lange beweer: "Die probleem lê daarin dat die gay persoon deur die gemeenskap uitsluitlik in terme van sy seksualiteit gedefinieer word, maar dieselfde gemeenskap het ?n probleem daarmee dat die gay skrywer sigself in daardie terme projekteer" (aangehaal in ?n artikel, "Debat oor gay-boeke nog nie verby" [2001: 2]).

In ?n vroeë gay verhaal van Aucamp, "Sop vir die sieke" (Spitsuur, 1967) wat ?n vertelling is van die liefde tussen twee lesbiese vroue oor die kleurgrens heen, internaliseer die volwasse verteller die burgerlike beskroomdheid van die same-lewing: die lesbiese of homoseksuele liefde ("the love that dare not speak its name" soos Lord Alfred Douglas daarna verwys het) word byvoorbeeld nie as sodanig benoem nie. Daar word slegs eufemisties verwys na "dié ding" (1967: 63) tussen tant Rensie en Sofietjie en die verteller vermoed dat hy moontlik as kind vir tant Rensie "die verpersoonliking geword [het] van die maatskaplike orde waarteen sy haar al soveel jare lydelik verset" het (1967: 64). "Sop vir die sieke" is wel deeglik ?n aanklag teen die maatskaplike orde wat homoseksualiteit onderdruk, maar die verhaal word desondanks steeds stilisties bepaal deur die sensuur en diskresie wat vereis word deur die homofobiese maatskappy. In Slagplaas (1992) verset Koos Prinsloo se verteller in "Die poort van hemelse vrede" hom huis teen hierdie soort gedwonge diskresie wanneer hy die vermoedelik homofobiese leser kompromisloos dwing om getuies te wees van sy homoseksuele promiskuiteit.

Sedert die opkoms van die queer beweging in die jare negentig kom Aucamp se teësinnige identifikasie met die begrip "gay" en die identiteitspolitiek wat daarmee gepaardgaan

(1990a: 10-12), enigsins byderwets voor. Die queer beweging is naamlik ook skepties oor starre identiteitskategorieë wat die grensoorskrydende aard van seksuele praktyke aan bande lê. Volgens die queer teorie kan ook identiteitskategorieë soos "gay" en "lesbies" ondanks die bevryding wat daarmee geassosieer word, ?n inhiberende uitwerking hê op die vrye uitdrukking van seksuele gedrag (Petersen, 1998: 97-103; Spargo, 1999: 38, 47). Die verteller in "Met pers en groen geteken" (Dooierus, 1976), Llewellyn in "Die Ericaversameling" (Wat bly oor van soene?, 1986) en Wynand in "Lente is traag vanjaar" (Gewis is alles net ?n grap, 1994b) is voorbeeld van manlike subjekte by Aucamp wie se seksuele geaardhede nie ingeperk word deur identiteitskategorieë soos "straight" of "gay" nie. In "Die hangkas" (Volmink, 1981) stel die verteller ?n aantal vrae oor seksuele identiteit waardeur hy wys op die kompleksiteit van die menslike seksualiteit wat nie sonder meer met afgebakende en eksklusiewe konsepte benoem kan word nie: "Wat van die man wat hom tussen sy vrou se rokke ophang; die seun wat masturbeer tussen roltwak en gewere, in ?n lug wat dik en donker is? [?]. Die hangkas as baarmoeder en graf, die skakel wat ?n kring laat sluit?" (Aucamp, 1981: 79). Is die man en die seun in die bogenoemde vrae homoseksueel, heteroseksueel, transseksueel of biseksueel? Die vraag bly onbeantwoord; die individuele seksuele praktyke oorskry die grense van die identiteitskategorie wat moontlik daaraan toegeken kan word.

Hennie Aucamp se Volmink (1981) is ?n verkenning van die grense van manlike subjektiwiteit wat uitgedaag word deur die naasliggendheid, vervloeiing en oorvleueling van uiteenlopende geslagtelike identiteite. Die grense van manlike subjektiwiteit word getoets deur die nabyheid van vroulike identiteite en gay identiteite met die gevolg dat sowel manlike subjektiwiteit as die identiteite waarvoor dit te staan kom, aan ?n sekere uitwisselbaarheid onderwerp word. Soos reeds hierbo aangedui, het Aucamp (1990a: 11) ?n voorkeur vir tekste waarin "homoseksualiteit geïntegreer is met ?n breë netwerk van individuele en maatskaplike belang." Die gay verhale in Volmink word dan ook selde gewy aan ?n uitsluitlike beskouing van gay subjektiwiteit as ?n verskyningsform van manlike subjektiwiteit. Die invloed van die breër sosiale konteks en die wisselwerking tussen gay seksualiteit en ander uitdrukkingsvorms van seksualiteit word ook in berekening gebring. By voorkeur word die unieke en komplekse seksuele identiteit van die individu belig sonder die onmiddellike beletsel van enige benoemingsdrang op grond van seksuele identiteitskategorieë.

Volmink is ?n ondersoek na die implikasies wat die inkleding en fatsoenering van die liggaam het vir die (geslagtelike) identiteit van die subjek. In die bundel is daar voortdurende verwysings na klere, verkleding, gebare, grimering, maskers, rekvisiete en ander verskynsels wat met die voorkoms van die liggaam verbind word. Met haar teorie oor geslagtelikhed as ?n performatiewe gegewe waarby liggaamlike praktyke ten nouste betrokke is, beweer Judith Butler (1990: 179) dat geslagtelike identiteit tot stand kom deur die stilering van die liggaam, dit wil sê deur die alledaagse manier waarop liggaamsgebare en -bewegings die illusie skep van ?n kontinue geslagtelike self. Die gewaande interne kern van die subjek word in werklikheid deur die herhaling van performatiewe gebare en bewegings geïnskrybeer op die oppervlakte van die liggaam (Butler, 1990: 173). Pierre Bourdieu (2001: viii, 23) kritiseer Butler weliswaar daarvoor dat haar teorie oor die performatiewe stilering van die liggaam nie indringender is as ?n blote besinning oor representasies en benoemings nie, maar hy is dit tog met haar eens dat die liggaam die basis is van konstruksies van manlike en vroulike subjektiwiteit. Bridget Fowler (2003: 471) vat Bourdieu se siening oor die "afrigting" van die liggaam soos volg

saam: "the social constructions of masculinity and femininity are actually written on the body in the form of facial masks over emotion or controls, bodily stances, gaits, postures, etc., much as the military man is drilled into his straight back" (kursivering deur Fowler).

In ?n bespreking van rolspel en verkleding in die gay literatuur wys Hennie Aucamp (1990b: 203) daarop dat transvestisme in die geskiedenis dikwels ?n uitdrukking van sosiale en politieke ontevredenheid was. Judith Butler (1993: 125) beskou travestie of "drag" (1) as ?n parodiërende liggaamlike praktyk wat ?n sekere subversieve potensiaal kan besit indien dit figureer as ?n hiperboliese weerspieëeling van die werking van hegemoniese geslagtelikheid. Travestie weerspieël die struktuur van nabootsing wat hegemoniese gendernorme onderlê en waardeur die geslagtelike hegemonie homself produseer. Hegemoniese heteroseksualiteit word gekenmerk deur konstante en herhaalde pogings om sy eie ideaalbeeld na te boots deur middel van liggaamlike praktyke: "That it must repeat this imitation, that it sets up pathologizing practices and normalizing sciences in order to produce and consecrate its own claim on originality and propriety, suggests that heterosexual performativity is beset by an anxiety that it can never fully overcome, that its effort to become its own idealizations can never be finally or fully achieved" (Butler, 1993: 125). Deurdat die fopdosser hierdie proses dramatiseer en sigbaar maak, bevraagteken hy of sy die aanspraak van heteroseksualiteit op natuurlikheid en oorspronklikheid. Travestie sinspeel terselfdertyd op die proses waardeur homoseksualiteit tesame met vroulike subjektiwiteit gepatologiseer word as die ander waarteen die norme van hegemoniese manlike subjektiwiteit afgeset word en gestalte kry (Butler, 1993: 235). (2)

In drie van die ses gay verhale in Volmink, naamlik in "La Divina en die cowboy", "Vir vier stemme" en "?n Heilige met huisbesoek", belig travestie en verkleding aspekte van geslagtelike identiteit. In verhale soos "Die swart hings", "Vaslav in die sneeu" en "Op moedverloor se pleine" word ook kortliks besin oor maskers, travestie en kostuum. Die belang van die wisselwerking tussen kleding en identiteit is reeds herkenbaar in die voorbladillustrasie van Volmink met die betekenisvolle titel "Identity". Judith Mason het hierdie tekening spesial vir Aucamp se bundel gemaak. Dié tekening van ?n lyfgordel is terselfdertyd ook ?n afbeelding van ?n menslike gesig. Die versmelting tussen kledingstuk en gesig ? die gesig is waarskynlik die belangrike identiteitsmerker van elke mens ? suggereer dat dit feitlik onmoontlik is om die identiteit van die individuele subjek te onderskei van die klere wat hy of sy dra. "Die klere maak die man", soos die bekende idoom lui.

Die identiteitskeppende fatsoenering en stilering van die liggaam word in Mason se tekening gekompliseer deur die skeletale voorkoms van die menslike gesig se gebit: die identiteit van die menslike subjek word uiteindelik net soos sy of haar klere, vlees en bloed afgestroop wanneer die dood, die groot gelykmaker, intree. Ook La Divina, die fopdosser in "La Divina en die cowboy", is bewus van die onvermydelikheid van die dood wanneer sy doelbewus swart strepe op haar jukbene aanbring sodat sy kan onthou: "oor alles hou die skedel wag" (51). Die skokkende visuele skouspel van Freddy McTavish se selfmoord in "Vir vier stemme" is net soos "Identity" van Judith Mason ?n sametrekkings van die problematiek rondom (seksuele) identiteit, kleding (travestie) en die verminging van die dood.

In "Vir vier stemme" is dit verkleding en travestie wat Freddy McTavish groter insig bring

in sy eie homoseksuele geaardheid (vergelyk ook Grobbelaar, 1994: 21-22, Schaffer, 2002: 217-219 en Malan, 2004). Sy verkleding as Genoveva of Fifi is bedoel as ?n "Boerepoets" (56) om die liggelowige Beimen Botes ?n rat voor die oë te draai. Die travestie word ?n verwikkeld spel waarby sowel sinsbedrog as waarheid betrokke is: Beimen, wat onmiddellik verlief word op Genoveva, word geflous deur die travestie, maar dit is juis deur die travestie dat Freddy op sy beurt die waarheid omtrent sy seksuele identiteit ontdek. Tydens die travestie kom die vraag by Freddy op: "speel hy iemand, of is hy uiteindelik huis by homself?" (64). Hy vul sy verkleding as Genoveva aan met ?n vroulike stemintonasie en handgebare: "Freddy verander ook van binne-uit. Hy lag koket, sy stem effens hoër as gewoonlik, van pure opgewondenheid; en sy handgebare raak vroulik" (75).

Wanneer Freddy vir ?n tweede keer as Genoveva aan Beimen verskyn, is sy bedoeling egter nie om die illusie voort te sit nie. Beimen tref vir Freddy/ Genoveva in die poskantoor aan sonder die sprankel wat hy tydens hulle eerste ontmoeting so verleidelik gevind het: "Wydsbeen sit hy, met sy kop tussen sy bene, asof hy naar is, en wanneer hy uiteindelik opkyk, is sy oë leeg, sonder hoop of herkenning of liefde" (66). Die vertwyfelde Freddy het hom weliswaar as Genoveva verkleed, maar hy speel nie meer toneel nie. Hy klou vas aan die "(e)en kans uit ?n huisend" (66) dat Beimen hom ook as Freddy sal kan liefhe en om hierdie moontlikheid te bewaarheid, verskyn hy weer aan Beimen in die gedaante van sy geliefde Genoveva, maar hierdie keer sonder om sy ware persoonlikheid te verdoesel. Die woedende en teleurgestelde Beimen verkrag egter vir Freddy. Freddy "weet dat hy verlore is" as ?n homoseksueel in ?n konserwatiewe plattelandse omgewing en selfmoord is, soos dikwels in die ouer Afrikaanse prosa, die enigste uitweg uit die identiteitsdilemma waarin hy verkeer. In Volmink hou Aucamp hom die reg voor om ?n buiging te maak in die rigting van die ouer gay literatuur, maar hy verken ook sonder skroom nuwer ontwikkelinge in die gay literatuur. In "La Divina en die cowboy", die verhaal uit Volmink wat vervolgens in besonderhede bespreek sal word, word die problematiek rondom travestie, homoseksualiteit en manlike subjektiwiteit gesitueer binne die konteks van die pas geëmansipeerde gay subkultuur van die jare sewentig in die VSA. Dié emansipasie sou in Suid-Afrika eers in die jare negentig plaasvind.

2. "La Divina en die cowboy"

Die travestie van La Divina in "La Divina en die cowboy" lei tot ?n indringende problematisering van geslagtelike subjektiwiteit. Die verhaal is ?n greep uit ?n dag in die lewe van ?n fopdosser in San Francisco se gay gemeenskap in die berugte Tenderloin-gebied waar die verhaal "?n Heilige met huisbesoek" ook afspeel. Volgens Aucamp (1990b: 204) is "La Divina en die cowboy" die "neerslag van ?n besoek aan San Francisco in die laat sewentigerjare. Gay-trots het in dié tyd ?n histeriese piek bereik, en spesifiek in San Francisco wat as die gay-hoofstad van die Nuwe Wêreld beskou is." Uit hierdie opmerking blyk Aucamp se kritiese afstand teenoor die gay beweging wat homoseksuele wou mobiliseer rondom gay trots en ?n bevryde gay identiteit. Die vertellershouding in "La Divina en die cowboy" is dan ook nie sonder meer simpatiek teenoor La Divina as ?n verteenwoordiger van die gay kultuur in die jare sewentig van die vorige eeu nie.

La Divina vergader eers met haar volgelinge in 'n kafee in Castro Street om die inhoud van 'n New Age-kursus wat hulle onder haar leiding beplan, te bespreek. Hierna gaan sy op soek na seks in die Tenderloin-gebied. Sy lê besoek af by 'n instelling met die naam "Glory Holes" waar sy 'n toeskouer is van die anonieme seks tussen gay mans. Op straat ontmoet sy dan die cowboy wat biegt dat hy hunker na seks met 'n mooi vrou. La Divina nooi hom na haar woonplek en tydens die seksspel ontdek die cowboy tot sy ontsteltenis dat La Divina in werklikheid 'n man is. La Divina reageer op sy misnoë deur hom met haar hoedespeld te steek en daarna sy wond te lek. Die suggestie is dat die cowboy na hierdie incident soos "?n lam [?] ter slagting" (55) gewillig is om voort te gaan met die seksspel.

Volgens Grobbelaar (1994: 90) is La Divina vernoem na die oorgewig Amerikaanse fopdosser, sanger en akteur Divine wat gewoonlik opgetree het met dik lae grimering en groteske vrouemonderings (vergelyk Kleinhans, 1994: 189). Uit die openingsin in Aucamp se verhaal word daar verder 'n skalkse verband gelê tussen die naam "La Divina" en Dante se La Divina Commedia: "La Divina is geen komedie nie. Sy is melodrama en 'n heks, skerpsinnig soos 'n kobra" (50, vergelyk ook Grobbelaar, 1994: 106). Die vermelding van 'n "komedie" en 'n "melodrama" plaas La Divina onmiddellik binne die skynwêreld van die toneel. Haar "ware" identiteit is van meet af aan onontwarbaar verknood met die geaffekteerde toneelspel waardeur sy kommunikeer. Haar mondering, grimering en teatrale gebare maak van haar 'n kunsmatige skouspel. La Divina se artifisialiteit skakel met die dekadentistiese inslag van die verhaal en word versterk deur die beskrywing van haar groen naellak ([\(3\)](#)) wat 'n mengsel is van "pou-, gal-, en brommergroen, met 'n speurseltjie gangreen" (50). Soos die beskrywing van die kleur van haar naels suggereer, puur La Divina haar skoonheid uit 'n dekante fassinasie met verval en ontaarding (vergelyk ook Grobbelaar, 1994: 67 en De Vries, 1999: 90).

Nadat La Divina dwelmmiddels ("nagblou pille wat soos visogies staar", 52) gebruik het tydens die vergadering met haar volgelinge word sy weer "haarself: 'n advertensie van 'n advertensie" (52). Net soos met die verwysings na die toneel word La Divina se ware self as 'n simulacrum voorgestel aangesien haar subjektiviteit geen diep innerlike kern besit nie, maar 'n eindeloze spieëling is van nabootsings en representasies wat geprojekteer word op die oppervlakte van haar liggaam. La Divina is ook net haar "ware self" indien sy onder die invloed van dwelms is: die sinsbegogeling van die dwelmmiddels word verhef tot die norm. Vir La Divina is "selfherwinning" verder nie 'n meditasie oor die self nie, maar wel die uiterlike aanwending van grimering waarna sy "gelouter en gereed" voel asof sy 'n geestelike ervaring beleef het (51).

Volgens Butler (1990: 175) is die genderparodie van travestie nie gegronde op die aanname dat daar 'n oorspronklike is wat deur die parodiërende identiteite nageboots word nie. Die parodie teiken huis die gedagte dat daar hoegenaamd iets soos 'n oorspronklike bestaan: "gender parody reveals that the original identity after which gender fashions itself is an imitation without an origin" (Butler, 1990: 175). By La Divina is daar ook net nabootsings van nabootsings; haar subjektiviteit kan nie teruggevoer word tot 'n oorspronklike kern nie. In 'n artikel oor die skrywers Oscar Wilde en Will Self vra Hennie Aucamp (2003b: 1) na aanleiding van 'n besinning oor maskers of die self ooit werklik homself is. Aucamp haal hier Schopenhauer se konstatering aan dat die woord "persoon", dit wil sê die menslike individu, etimologies teruggevoer kan word na die Latynse woord "persona" wat verwys na die masker van 'n akteur. Daar is dus net maskers en

representasies van die self. Die self kan nooit op ?n vaste bodem en noukeurige begrensing aanspraak maak nie en kan daarom ook nie terugval op ?n stabiele geslagtelike identiteit nie.

Die problematisering van geslagtelike subjektiwiteit in "La Divina en die cowboy" blyk onder meer uit die konsekwente benoeming van La Divina met die vroulike persoonlike pronomen "sy", selfs nadat die cowboy haar manlike geslagsorgane ontdek het. Getrou aan die konvensies van die "drag"-vertoning of travestie verhef La Divina se fantasievoorkoms haar tot ?n hiperboliese manifestasie van vroulikheid. Dié hiperboliese vroulikheid is moontlik ?n oorkompensasie vir die feit dat sy manlike geslagsorgane het. La Divina gebruik doelbewus haar hipervrouwlike voorkoms om die cowboy bewus te laat bly van haar vroulike persona. Ook na die ontdekking van haar manlike organe slaag sy daarin om die cowboy weer onder die ban van haar vroulikheid te bring: "La Divina dwing sy oë van haar mik af, terug na haar gesig. Dis verraderlik mooi; soet soos sonde. Haar lippe is bruin gelak, en donker omlyn" (55). Die versteuring in die volgehoue projeksie van ?n vroulike persona blyk slegs kortstondig te wees wanneer La Divina die cowboy se blik opnuut vestig op haar skouspelagtige vroulike skoonheid. Die liefdespel word klaarblyklik voortgesit wanneer die cowboy se geloof in La Divina se begeerlikheid herstel word. Die beskrywing van La Divina se gesig as "verraderlik mooi; soet soos sonde" gee te kenne dat die cowboy in reaksie op die belofte van La Divina se skoonheid as afwykend en transgressief hom willens en wetens onderwerp aan die beeld wat sy van haarself projekteer.

Ook die cowboy is ?n "pseudo-cowboy" (Aucamp, 1990b: 204): soos La Divina neem hy ook deel aan die maskerspel van verkleding en travestie met die cowboyhoed wat aan hom die voorkoms van ?n cowboy van Texas moet verleen. En net soos La Divina se geprojekteerde identiteit met die stroping van haar kledingstukke ?n legitimiteitskrisis beleef, word die cowboy se hipermanlike identiteit gedestabiliseer wanneer hy sy hoed afhaal en bely: "Ek is nie regtig van Texas nie, [?] maar ?n cowboy nietemin." Die bekentenis dat hy nie regtig van Texas afkomstig is nie, plaas onvermydelik sy hieropvolgende bevestiging van ?n cowboy-identiteit ook onder verdenking. La Divina se geloof in die persona van die cowboy word tydelik versteur net soos die cowboy se aanvaarding van haar persona as ?n vrouw later versteur word.

Die gekunsteldheid waarmee La Divina en die cowboy gestalte gee aan hulle geslagtelike identiteite deur middel van travestie en verkleding lei tot die gevolgtrekking dat Aucamp in sy verhaal net soos Judith Butler (1993: 125) erkenning gee aan die subversiewe potensiaal van travestie om die struktuur van nabootsing wat hegemoniese gendernorme onderlê en waardeur die geslagtelike hegemonie homself produseer, bloot te lê. Beide La Divina en die cowboy kom voor as gekostumeerde akteurs ([4](#)) wat rolle vertolk in ?n "melodrama" (50) oor die funksionering van geslagtelike norme. Die verteller lê telkens klem op die teatrale elemente in La Divina en die cowboy se voorkoms en optrede waardeur die leser uitgenooi word om te besin oor die ontplooiing van hulle geprojkteerde geslagtelike identiteite as ?n hiperboliese weerspieëeling van die nabootsing wat nie net eie is aan die travestie nie, maar ook bepalend is vir die produksie van normatiewe geslagtelikhed in die samelewing.

Die cowboy se aanvanklike macho-identiteit word drasties gewysig met sy vervrouliking of "ontmanning" (Aucamp, 1990b: 204) in die slot van die verhaal wanneer La Divina hom

eers "penetreer" met haar hoedespeld en dan oortuig om met haar homoseksuele omgang te hê. Geslagtelike identiteit in die verhaal is uiteindelik grensoorskrydend en kontingent. Heteroseksuele manlike subjektiwiteit blyk hier nie 'n essensiële gegewe te wees nie, maar is ontvanklik vir die uitwisseling van identiteitsinhoude met die geslagtelike ander. Die uitdaging van die starre geslagtelike identiteitsgrense wat vanaf die begin van die verhaal deur die travestie volgehoud word, word in die slot tot 'n hoogtepunt gevoer wanneer La Divina ineens 'n aggressiewe manlikheid toe-eien en die macho-cowboy vervroulik word. Die kunsmatigheid en veranderlikheid van geslagtelike identiteit as 'n soort teater en die gevolglike onwaaragtigheid wat daarmee geassosieer word, kan die leser aanmoedig om die oordrewe belang wat normaalweg aan geslagtelikhed geheg word, te bevraagteken en op soek te gaan na 'n soort menslikheid wat nie bemiddel word deur die maskers van geslagtelike identiteit nie. Vir Aucamp (1994a: 29) is dit in sy gay tekste belangrik dat die mens voorop gestel word en dat die gay belewenis binne hierdie breër konteks van algemene menslikheid aan die orde moet kom.

Aucamp se beskouing van manlike subjektiwiteit in "La Divina en die cowboy" is meer as net 'n problematisering van geslagtelike identiteit deur verkleding en travestie. Dit is opvallend dat La Divina 'n appropriërende en totaliserende subjektiwiteit aanneem. Soos reeds aangedui, eien La Divina vir haar 'n soort hipervroulikheid toe met die stilering van haar liggaam, gebare en uitsprake. Sy versterk haar aangename vroulike identiteit deur 'n openbare vrouetoilet in die Tenderloin-gebied te besoek, want sy put "'n behae daarin om tussen vrouens te wees, uitgelewer aan hul biologie" (53). Sy is ook wel deeglik 'n manlike subjek soos duidelik word uit haar seksjag in die strate van Tenderloin 'n haar gedrag herinner eerder aan die "cruising" van gay mans as aan die tipiese seksuele gedrag van vroue. Haar gewelddadige optrede teenoor die cowboy wanneer sy hom met haar hoedespeld steek, wek verder assosiasies op met die seksuele geweld wat mans soms teenoor vroue pleeg. Die hoedespeld penetreer letterlik die liggaam van die cowboy en voer hom na seksuele oorgawe. In ooreenstemming met die historiese vennootskap tussen manlike subjektiwiteit, geweld en mag, vestig La Divina haar in 'n posisie van mag oor 'n ander deur die uitoefening van geweld.

La Divina maak haar dus meester van 'n vroulike en 'n manlike identiteit. Luce Irigaray (1980: 172; 1996: 60, 61) se teorie oor die mag van die subjek as 'n manlike konsep blyk hier relevant te wees. Sy is van mening dat daar vir die manlike subjek geen werklike alteriteit bestaan nie aangesien die ander slegs bestaan omdat dit in diens van die manlike subjek is. Die ander is slegs 'n afspieeling van die manlike self; die ander word ingebind in die manlike subjek se "ekonomie" van eendersheid (vergelyk ook Davy, 1994: 143-144). Die totaliserende manlike subjek is vir homself tegelyk man, vrou, kind en selfs God en hy konstitueer die somtotaal van hulle verhoudings. La Divina se totaliserende subjektiwiteit is nie beperk tot die toe-eiening van manlik en vroulik nie. Sy is tegelyk ook goddelik en boos; geestelik en vleeslik. Sy is die verpersoonliking van sowel boosheid as goedheid: haar naam skakel haar met die goddelike, maar die verteller vermeld reeds in die tweede sin van die verhaal dat sy 'n heks en 'n slang is. Hierdie karakterisering van La Divina as beide 'n soort goddelike figuur uit die Christelike godsdiens en 'n verraderlike heks word volgehoud tot aan die einde van die verhaal en skakel met die dekadente profanasie van die religieuse in die teks (vergelyk Grobbelaar, 1994: 106-107).

Met La Divina skep Aucamp 'n karakter wat ondanks haar affiliasie met die gay subkultuur nie ontkom aan die geneigdheid van die manlike subjek om 'n totaliserende

subjektiwiteit te approprieer nie. Die verteller se onsimpatieke, kritiese blik op La Divina kom onder meer tot uitdrukking in sy beskrywing van die fopdosser se totaliserende subjektiwiteit. Dit is moontlik dat Aucamp met dié onsimpatieke vertellershouing kritiek wil uitspreek teen die gay beweging se betrokkenheid by die identiteitspolitiek wat in die jare sewentig ?n "histeriese" piek bereik het (Aucamp, 1990b: 204). In "La Divina en die cowboy" demonstreer Aucamp terselfdertyd met behulp van die travestie dat geslagtelike identiteit, met inbegrip van gay identiteit, in stand gehou word deur ?n kunsmatige spel wat berus op die performatiewe nabootsing van ideaalbeeldte waarvan die oorspronklike nie bestaan nie. Ook in "Op moedverloor se pleine" is die enigste identiteit waarmee die bejaarde gay man in die verhaal uiteindelik oorbly "?n soort masker" (82); indien hy ooit oor ?n ware identiteit beskik het, het dit lankal reeds verlore gegaan. Dit is moontlik dat Aucamp in Volmink wil suggereer dat indien geslagtelike identiteit ?n "komedie" of "melodrama" is wat die algemene menslikheid van die individu vertroebel, dit wenslik mag wees dat homoseksuele hulle liever nie met die identiteitspolitiek bemoei nie. Die identiteitspolitiek is tradisioneel ?n terrein wat gewy is aan die handhawing van die heteroseksuele hegemonie en homoseksuele behoort hulle daarom eerder buite die identiteitspolitiek te posisioneer. Vir Aucamp bied ?n humanistiese benadering tot geslagtelikhed ?n leefbare alternatief vir die beletsels wat met identiteitskepping gepaardgaan. In sy gay tekste bly Aucamp (2003a: 192) bewus van die gebiedende waarde van medemenslikheid: "As medemenslikheid nie die basis van gayliteratuur is nie, word die gaywêreld uiters voorspelbaar in eie terme, met narcisme en adolessensie as sentrale impulse."

3. Slot

Binne die konteks van die vryer, verdraagsamer sosiale en literêre klimaat teenoor homoseksualiteit wat sedert 1980 in Suid-Afrika ontwikkel het, het Afrikaanse gay skrywers met toenemende durf gestalte gegee aan ?n gay subjektiwiteit. Ten spye van hierdie groter verdraagsaamheid moes gay skrywers nietemin daarmee rekening hou dat gay subjektiwiteit steeds in ?n positie van subordinasie verkeer het ten opsigte van heteroseksuele manlike subjektiwiteit, die hegemoniese vorm van manlikheid in die samelewning. In reaksie op hierdie hegemonie het gay skrywers soos Hennie Aucamp, Koos Prinsloo en Johann de Lange die aard en funksionering van geslagtelike identiteit en subjektiwiteit geïdentifiseer as die teiken van hulle kritiek teen die ongelykhede en diskriminasie wat die geslagtelike orde onderlê.

Hennie Aucamp se kortverhaalbundel Volmink kan beskou word as die eerste gay teks in Afrikaans wat weggebreek het van die verdoeseling en maskering wat die uitbeelding van homoseksualiteit in die ouer literatuur gekenmerk het (De Lange, 1997: 7-8). Sy bundel is ?n belangrike eerste beskouing van die beweging wat rondom gay trots in die jare sewentig ontstaan het en gesentreer het rondom die skepping van ?n bevryde gay identiteit. In Volmink staan Aucamp krities teenoor identiteit en demonstreer hy deur middel van verkleding en travestie in ?n verhaal soos "La Divina en die cowboy" hoedat identiteit funksioneer as ?n artifisiële teatrale skouspel. Sowel gay as heteroseksuele identiteite word onbloot as nabootsings van ideaalbeeldte sodat dié identiteite nouliks kan aanspraak maak op ?n eie substansie ?n dwingende kritiek teen enige projek om ?n bepaalde identiteit te

verhef tot 'n hegemoniese posisie. Aucamp toon verder in Volmink aan dat die gay manlike subjek betrokke kan wees by die skepping van 'n identiteit wat dieselfde totaliserende trekke vertoon wat in die feministiese kritiek met hegemoniese manlike subjektiwiteit geassosieer word. Aucamp distansieer hom gevvolglik van identiteit (ook gay identiteit) as 'n kategorie en suggereer dat 'n algemene menslikheid wat gestroop is van die belemmering van geslagtelike identiteit die basis kan vorm van onbevooroordelde menslike interaksie. In Gekaapte tyd skryf Aucamp (1996: 8): "Hoe ouer ek word, hoe belangriker word die basiese eendersheid van mense vir my. Eers is jy mens; dán amper toevallig, gay."

Aucamp se bevraagtekening van geslagtelike identiteit word in die latere gay tekste van Koos Prinsloo en Johann de Lange voortgesit. Hierdie twee jonger skrywers vind egter nie die afstroping van identiteitsmaskers totdat daar 'n herbergsame en onbevooroordelde soort (mede)menslikheid onthul word, bevredigend nie. Ook hierdie menslikheid is aangetas deur die hegemoniese diskloers oor geslagtelike subjektiwiteit sodat dit nodig is om ook die subjek, en nie net identiteit nie, te ondergrawe. 'n Meer fundamentele vraagstelling is dus nodig. In die werk van Koos Prinsloo word subjektiwiteit die stryd aangesê met gay liggaamlikheid en seksualiteit as die basis van die kritiek. Die verhale van Hennie Aucamp was egter die nodige voorbereiding van die literêre klimaat wat dié radikaler bevraagtekening van subjektiwiteit en homoseksualiteit by Prinsloo en De Lange kon verduur.

Universiteit van KwaZulu-Natal

Bibliografie

- Aucamp, Hennie. 1967. Spitsuur. Kaapstad: John Malherbe.
- Aucamp, Hennie. 1976. Dooierus. Kaapstad: Tafelberg.
- Aucamp, Hennie. 1981. Volmink. Kaapstad: Tafelberg.
- Aucamp, Hennie. 1986. Wat bly oor van soene. Kaapstad: Tafelberg.
- Aucamp, Hennie. 1990a. Inleiding. In: Aucamp, Hennie. (samest.). Wisselstroom. Homoërotiek in die Afrikaanse verhaalkuns. ?n Bloemlesing. Kaapstad & Johannesburg: Human & Rousseau, 9-20.
- Aucamp, Hennie. 1990b. Nawoord. In: Aucamp, Hennie. (samest.). Wisselstroom. Homoërotiek in die Afrikaanse verhaalkuns. ?n Bloemlesing. Kaapstad & Johannesburg: Human & Rousseau, 188-214.
- Aucamp, Hennie. 1994a. Pluk die dag. Aforismes en ander puntighede. Kaapstad: Tafelberg.
- Aucamp, Hennie. 1994b. Gewis is alles net ?n grap. Kaapstad: Tafelberg.
- Aucamp, Hennie. 1996. Gekaapte tyd. ?n Kladboek. September 1994 - Maart 1995. Kaapstad: Tafelberg.

- Aucamp, Hennie. 2002a. Hittegolf. Wulpse sonnette met ?n nawoord. Kaapstad: Homeros.
- Aucamp, Hennie. 2002b. In ?n ander sleutel. Die gayliedteks in kabaretverband. In: Gay @ LitNet: <http://www.mweb.co.za/litnet/gay/aucamp.asp>.
- Aucamp, Hennie. 2003a. In die vroegte. Herinneringe en refleksies. Kaapstad: Tafelberg.
- Aucamp, Hennie. 2003b. Al dieper in die dikkedensie: ?n vergelyking. In: Gay @ LitNet: <http://www.litnet.co.za/gay/dorian.asp>.
- Baker, Roger. 1994. Drag. A History of Female Impersonations in the Performing Arts. Londen: Cassell.
- Bourdieu, Pierre. 2001 [1998]. Masculine Domination. Cambridge & Oxford: Polity.
- Butler, Judith. 1990. Gender Trouble. Feminism and the Subversion of Identity. New York & Londen: Routledge.
- Butler, Judith. 1993. Bodies that Matter. On the Discursive Limits of "Sex". New York & Londen: Routledge.
- Davy, Kate. 1994. Fe/male Impersonation. In: Meyer, Moe. (red.). The Politics and Poetics of Camp. Londen & New York: Routledge, 130-148.
- Debat oor gay-boeke nog nie verby. 2001. Boekewêreld (bylae tot Die Burger), 27 Junie.
- De Lange, Johann. 1997. Vooraf. In: De Lange, Johann. (samest.). Soort soek soort. ?n Versameling alternatiewe ervarings. Kaapstad: Human & Rousseau; Tafelberg.
- De Vries, Abraham H. 1999. Hennie Aucamp as Laat Romantikus en die probleem van die romantiese "ek". Stilet XI (1): 87-94.
- Du Plessis, I.D. 1937. Vreemde liefde. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Du Plessis, I.D. 1946. Gevreesde vriend. Kaapstad: Tafelberg.
- Foucault, Michel. 1978 [1976]. The History of Sexuality. Volume 1: An Introduction. Harmondsworth, New York, Victoria ens.: Penguin.
- Fowler, Bridget. 2003. Reading Pierre Bourdieu's Masculine Domination: Notes towards an Intersectional Analysis of Gender, Culture and Class. Cultural Studies 17 (3 / 4): 468-494.
- Grobbelaar, Mardelene. 1994. Hennie Aucamp as dekadent. Kaapstad: Tafelberg.
- Irigaray, Luce. 1980 [1974]. Speculum. Spiegel des anderen Geschlechts. Frankfurt am Main: Suhrkamp.
- Kleinhans, Chuck. 1994. Taking out the Trash. Camp and the Politics of Parody. In: Meyer, Moe (red.). The Politics and Poetics of Camp. Londen & New York: Routledge, 182-201.

Lanoye, Tom. 2001. Tekst en uitleg. Columns. Amsterdam: Prometheus.

Malan, Lucas. 2004. Van lagge kom huile: trekke van die klug en die tragedie in Hennie Aucamp se verhaal "Vir vier stemme". In: Spies, Lina & Lucas Malan. (reds.). ?n Skrywer by sonsopkoms. Hennie Aucamp 70. Stellenbosch: SUN, 66-76.

Petersen, Alan. 1998. Unmasking the Masculine. "Men" and "dentity" in a Sceptical Age. Londen, Thousand Oaks, New Delhi: SAGE.

Prinsloo, Koos. 1982. Jonkmanskas. Kaapstad: Tafelberg.

Prinsloo, Koos. 1992. Slagplaas. Kaapstad & Johannesburg: Human & Rousseau.

Schaffer, Alfred. 2002. De geschiedenis van een jonge god. Mythe, primordialiteit en de representatie van de archetypische adolescent en jonge man in werken uit de moderne Afrikaanse literatuur en de wereldliteratuur. Ongepubliseerde proefskrif. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad.

Spargo, Tamsin. 1999. Foucault and Queer Theory. Cambridge; New York: Icon; Totem.

Visagie, Andries. 2004. Erotiek in die digkuns van Hennie Aucamp. In: Spies, Lina & Lucas Malan. (reds.). ?n Skrywer by sonsopkoms. Hennie Aucamp 70. Stellenbosch: Sun Press, 152-168.

(1) Travestie of "drag" verwys hier na die gebruik onder sommige homoseksuele mans, fopdossers of "drag queens", om in die openbaar te verskyn in vroueklere, meestal vir komiese effek. Hierteenoor verwys transvestisisme gewoonlik na heteroseksuele mans wat verligting en persoonlike bevrediging daaruit put om vroueklere te dra en om as ?n vrou benader te word (Baker, 1994: 16-18).

(2) Die gay skrywer Tom Lanoye maak byvoorbeeld ook beswaar teen die normerende invloed van die huwelik as ?n heteroseksuele instelling. Deur herhalende retoriiese strategieë word die onderliggende twyfel aan die ideale wat die heteroseksuele huwelik onderlê, besweer met die gepaardgaande patologisering van almal wat hulle buite die invloedsfeer van die huwelik bevind: "U! Vrijgezellen en samenwonenden! Uit de echt gescheidenen, weduwen en weduwnaars! Trio's, quattro's en communes! Hebt u ook uw buik vol van de lofzangen van al dat zelfverheerlijkende huwelijksvee? Ik begrijp dat zij, vanuit de onderliggende twijfel aan hun eigen woorden, keer op keer moeten herhalen dat zij, en zij alleen, de hoeksteen zijn van een maatschappij waaraan u en ik net zo goed bijdragen" (Lanoye, 2001: 29).

(3) In ?n persoonlike brief gedateer 15 Januarie 2005 skryf Hennie Aucamp dat La Divina se groen naels ?n intertekstuele verwysing is na die film Cabaret van regisseur Bob Fosse (1972) met Liza Minnelli in die rol van Sally Bowles: ?In die slottoneel van die film Cabaret sien die kyker vir laas vir Sally Bowles, maar op die rug, haar hande wapperend in die lug, sodat almal haar groen naels móét sien, soos sy met ?n perron stap, al verder en verder van die kyker af weg. Dis einste Sally wat die frase "Divine Decadence" bedink het, of beter gesê, Christopher Isherwood, haar skepper, in Berlin Stories.?

(4) Die toneel spel van die twee "akteurs" word onder meer duidelik wanneer die cowboy sy hand "Stanislavski-styl" (55) laat sak nadat hy byna vir La Divina aangerand het en La Divina "speel verleentheid met die finesse van ?n prima donna assoluta" wanneer sy die cowboy probeer verlei (54).

[Elektroniese weergawes van
T.N&A](#)

[Kontaknommers](#)

[Algemeen](#)

[Riglyne vir
outeurs](#)

[Bo](#)

Tydskrif vir Nederlands & Afrikaans 11de Jaargang, Nommer 2. Desember 2004